# *Om In Die Gees Te Kom*

Vreemd, ek het hier gestaan en praat van Broer David, glo ek, gisteraand, en hier verskyn hy op die platvorm vanaand. Wel, dis baie goed.

2 Broer David, ons is bly om jou hier in Chicago te hê. En dis lekker om julle broers hier agter my te hê, vanaand, om te weet julle ondersteuning in gebed is nou myne, soos ek die Boodskap van die Here lewer; wees in gebed vir my.

3 Dis lekker om weer uit te wees vanaand hier in die ouditorium, wat so mooi gevul is, met die mense. En onder verwagting om die werking te sien, en, van—van die Heilige Gees, om weer onder ons te kom, vanaand.

4 Ons het beslis elke uur van hierdie diens geniet, om hier te wees. Daar's. . .Sedert verlede Sondagaand, of verlede Sondagmiddag, liewer, het ons so 'n wonderlike, goeie tyd gehad, en die Heilige Gees het groot dinge in ons midde gedoen. Ons het Hom die siekes sien genees, en wonderwerke doen, en die mense red, en hulle vul met die Heilige Gees, en net groot dinge. Wat meer kan ons van Hom vra as dit en wat ons Hom sien doen het?

5 En so bly om te weet dat ons in die laaste dag lewe, en as predikers van die Evangelie, het ons die voorreg om te praat, glo ek, met die Uitverkorenes van God in die laaste dae. En wat 'n voorreg is dit vir ons predikers om hierdie voorreg te hê om hier op aarde te sit vandag, en te praat met die laaste kerktydperk, die laaste Kerk!

6 Ek glo dit, waarlik, met my hele hart dat ons nou praat met die laaste kerktydperk, wat uiteindelik in die Laodicése Kerk sal eindig en dan sal ons. . .sal Jesus kom en dit sal alles verby wees. En ek sal bly wees wanneer dit gebeur.

7 Ek voel soos Johannes van ouds: "Ja, kom, Here Jesus." Gesê: "Ja." Ek het net omtrent genoeg daarvan gesien. Ek het rondgegaan, en gelyk asof in plaas van om beter te word, wel, die wêreld die heeltyd slegter word. So ek—ek dink soos Johannes gesê het: "Ja, kom, Here Jesus," dan sal dit alles verby wees.

8 En ek is, sien hulle het steeds hierdie boekie, wat hier lê, van die gedrukte visioen. En elke keer wat ek daaraan dink, brand my hart om net verder in die diens in te kom, dadelik iets te doen, want dit is, sal nie lank wees voordat, miskien, ons nie tyd sal hê om enigiets te doen nie. So ons wil dit nou doen, terwyl ons dit kan doen. En mag die Here Sy seëninge byvoeg, vanaand, weer.

9 Nou, môre-oggend is die Sakemanne se ontbyt, glo ek, net hier op die gronde. Ek glo hulle. . .Dis alreeds aangekondig, dat daar môre 'n Sakemansontbyt sal wees. En ek dink die publiek

word uitgenooi hiervoor. Solank julle kom, wel, sal ons baie bly wees.

10 En dit is my lot in die oggend, as dit God behaag, om—om te praat, een van die sprekers ten minste, by die ontbyt. En ek vertrou dat die Here ons almal sal ontmoet, en as julle nog nooit by een van hierdie ontbyte was nie, party van julle sakemanne hier, van die stad, sal dit julle beslis goed doen om te kom hoor wat God vir ander sakemanne gedoen het.

11 Nou, jy mag 'n welvarende man wees, sover dit die. . . wat jou besigheid betref, maar ons probeer nie iets aan julle voorstel om julle te verbeter, of—of, julle besigheid te verbeter nie, ons probeer Iets aan julle bekendstel wat *julle* sal verbeter, Dis—Dis Christus, sien, Christus.

12 Soos ek nou die aand gesê het, die Kerk het lankal sy program verloor toe dit probeer vergelyk het met die wêreld, met geleerdheid, en met baljaar, en met die vermaak, ensovoorts. Ons—ons—ons sal nooit met hulle vergelyk nie, die kinders van die nag is slimmer as die kinders van die dag, hulle is wyser, Jesus het so gesê.

13 En ons kon hulle nooit die vermaak gee nie, en—en in elk geval, die Evangelie is nie 'n skynsel nie, dis 'n gloed, sien, dis 'n gloed, sag en soet. En ons. . . Daar's net een Ding wat ons het wat die wêreld nie het nie, en nie kan hê tensy hulle een van ons word nie, ons het Jesus, dis dit, ons het Jesus.

14 Ons is nie so slim soos hulle nie, ons is nie so ver gevorderd in wetenskap nie, ons weet niks daarvan nie. En ons probeer nie tred hou met hulle in die. . . 'n—'n beter geleerdheid te hê, of beter skole, of sovoorts, en sê: "Ons kerk het *hierdie* skool," ensovoorts nie. Dis alles reg in daardie lyn, maar ons het Jesus, dis Wat ons na die wêreld toe probeer bring, is Jesus Christus. En Hy's die Seun van God, en Hy's ons Verlosser, en ons ken Hom in die krag van Sy opstanding, en dis die regte ding.

15 Nou, party van ons is. . . Goeiste, vir myself, ek ken nie, miskien, nie Sy Boek te goed nie, maar ek—ek ken Hom baie goed. En dis. . . en Hy. . . Net, al wat ek hoef te weet, is om Hom te ken. Om Sy Boek te ken, gee jou nie Ewige Lewe nie, maar om Hom te ken is Lewe, om Hom te ken, die Persoon van die Boek, is Lewe.

16 Nou, môre-aand weer, dan verwag ons om, as die Here wil, om nog 'n genesingsdiens te hê. En dan môre, of, Sondagmiddag sluit hierdie diens af, en dan gaan ek af, dan, na bo in die noorde van Brits-Columbië, en Dawson Creek, en Grande Prairie, en Fort Saint John, en deur daardie deel van die land daarbo, vir die, miskien, die res van die somer. So wees nou in gebed vir ons. En ons hoop om julle te sien by die ontbyt in die oggend, en in die verloop van die diens.

17 Nou, en moet nou nie vergeet nie, julle vreemdelinge, al hierdie broers hierbo vanaand, die rede waarom hulle hier sit,

is omdat hulle predikers van hierdie selfde Evangelie is. En vind waar hulle kerke is en maak hulle vir hulle vol Sondagoggend, nou, met 'n groot saamtrek. Ons hoop net dit laat 'n baie, baie goeie herlewing, net deur die stad beweeg, en, totdat Jesus kom.

18 Nou, klein Joseph hier, Boze, hy het my altyd vertel dat, jare gelede, buite op Lake Shore Drive, het ons eendag gesit, en hy het gesê, in sy gebroke Engels: "*Bruder* Branham, ons het altyd 'n gevoel in my hart gehad dat ek wou sien dat Chicago geskud word, ek wil sien Chicago geskud word." Gesê: "Jare gelede, het ek van New York af hiernatoe gekom om te sien dat Chicago geskud word."

19 Nou die oggend, net voor my onderhoude, het ek ontbyt gehad saam met Joseph, en ek het hom altyd so liefgehad, en so toe, het ek gesê: "Broer Joseph, jou—jou groot begeerte is vervul, net ek glo nie jy weet nie, verstaan dit nie." Sien? "Wanneer jy praat van: ''n stad te skud; 'n volk te skud,' beteken dit nie hierdie atoomvoer wat hier rondhardloop nie, dit beteken die Kerk, die Kerk is die een wat die skudding kry, net, nie die kerklike groep nie, maar die—die Liggaam van Christus, dis die een wat skud en weer in—in gelid kom."

20 En hulle, die Chicagogroep het, weet dat dit is, dat hulle 'n ware skudding gehad het in die laaste paar jaar, in hierdie laaste ses of sewe jaar. Hoe groot manne van God na hierdie stad gekom het en vir die Uitverkorenes gepreek het, en tekens en wonders en wonderwerke plaasgevind het, totdat dit nie 'n verskoning het nie, absoluut, dit nie 'n verskoning het nie, dis: "Bekeer of vergaan," dis al.

21 Nou, julle wat rekord hou van die, of, tekste neerskryf, soos ons dit sou noem, ek het 'n paar Skrifte en—en notas hier geskryf vanaand, oor 'n klein onderwerp wat ek sal voltooi binne, teen elfuur, 'n bietjie later. En so . . . ek, gisteraand het ek . . . [Gemeente gee applous—Red.] Dankie, dis gaaf van julle.

22 Elke aand, het Billy gesê: "Ek wil sien wanneer jy Chicago toe gaan, as jy een aand kan klaarmaak, in, om nege-dertig, wil ek sien of jy dit kan doen."

"O," het ek gesê: "dit sal maklik wees, ek gaan net twintig minute op enige aand preek."

Elke aand, as ek uitgaan, het hy gesê: "Met hoeveel het jy dit gemis vanaand?"

23 Ek het gesê: "Net meer as twee uur, so-iets." Maar ek—ek weet nie veel nie, maar ek hou net daarvan om aan te hou vertel wat ek weet, so, totdat dit insink.

24 'n Ou prediker het, eenkeer, na 'n kerk toe gegaan. Ek weet hierdie is geen plek om, vir 'n grap, ek bedoel dit nie met grappe nie, maar net dat ek die denkpatroon kan verander net vir 'n oomblik. Hy het na 'n kerk toe gegaan, en die eerste aand wat hy

gepreek het, was oor “Bekeer.” Die tweede aand wat hy gepreek het, was oor “Bekeer.” Die derde, vierde, vyfde, sesde aand, het hy gepreek oor “Bekeer.”

25 Wel, dit was alles reg. Toe het die ouderlinge van die kerk hom uitgeroep en gesê: “Dokter,” gesê: “ons waardeer jou boodskap oor bely, maar vir ses aande agtermekaar, het jy dieselfde boodskap gepreek, oor bekering.”

Hy het gesê: “O, wel, dis alles reg.”

Gesê: “Het jy nie nog ’n boodskap nie?”

26 Hy het gesê: “O, ja, maar laat hulle almal eers bekeer, dan sal ek oor iets anders preek, julle sien.” So, daar is die ding. Nadat hulle almal bekeer het, wel dan sal hy oor iets anders preek. So dis nogal ’n goeie filosofie, julle sien. Bekeer totdat ons almal bekeer het, dit sou goed wees, ek’s seker ons sal ’n lang tyd hier wees.

27 Daar in Twee Konings, die 3de hoofstuk, en ek wil die 15de vers lees:

> *Maar bring nou vir my ’n siterspeler. En toe die siterspeler op die snare speel, het die hand van die* HERE *op hom gekom.*

28 En as ek ’n teks daaruit sou wou haal, dat ek ’n konteks kan uithaal, mag ek hierdie onderwerp hier neem: *Om In Die Gees Te Kom.*

29 Dit was nogal ’n verandering wat plaasgevind het daar in Palestina in hierdie dae, een groot ding wat plaasgevind het, die groot, noemenswaardige profeet het opgevaar, is opgeneem in die Hemel. En dit was ’n groot verlies vir die Kerk, wanneer ’n groot man soos daardie weggeneem word.

30 Maar wat ’n troos moes dit die volk gegee het, wat toe die Kerk was, om te weet dat hierdie man, wat na hulle gestuur is om God te verteenwoordig, Huis toe gegaan het sonder om selfs te sterf, wat weggeraap en opgeneem is. ’n Baie mooi tipe, was Elía, van hierdie dag.

31 Wanneer, mag ’n bietjie buite die bekende trant wees van een of ander man wat die Bybel beter ken as ek, maar ek glo soort van dat daar ’n Boodskap sal wees in die laaste dae, iets soos Elía, en daardie Elía Kerk soort van, sal wees, nie sterf nie, maar verplaas word, opgeneem word, Vuur Dit sal opneem in die Hemel, die Pinkstervuur Dit sal wegraap.

32 Maar, God maak altyd ’n—’n weg vir Sy Kerk, wanneer Hy klaar is met een man, het Hy ’n ander een wat wag. En God neem Sy man, maar nooit sy gees nie, Hy het altyd iemand anders waarop Hy sy gees kan sit.

33 En dis vreemd, maar deur die Bybel, het Hy nooit twee profete, groot profete op dieselfde tyd gebruik nie. Hy het altyd

een profeet gehad, toe, toe Hy klaar was met daardie een, het Hy hom weggeneem en nog een in sy plek gesit.

34 Dis wat Hy gedoen het, Hy het net boodskappers verander, maar dieselfde gees: Elía en Elisa. En hoe wens ek dat ek tyd gehad het om daarop in te gaan vanaand, om op te let dat toe God die ou, moeë profeet van die veld af geroep het. . . Hy het gepreek teen Isébel en haar wêreldse groep, en—en het Agabs, en leiers, en predikersverenigings en alles, tereggewys, totdat hy moeg was, en God sou hom Huis toe neem. So Hy het hom net afgebring na die rivier toe en. . .

35 Voor Hy het, wou Hy iemand salf wat daardie selfde Boodskap sou neem, julle sien, daardie selfde Boodskap moes bly. So hy het afgegaan en sy kleed oor Elisa gegooi. En Elisa, nadat hy die kleed van Elía aan hom gehad het, moes hy dit teruggeneem het, hy het dit net oor hom gegooi, en moes dit weer teruggeneem het, want dit het van sy skouers afgeval toe hy opgegaan het.

36 Nou, ons vind uit dat Elisa, Elía hom probeer ontmoedig het, gesê het: "Wag jy hier, want die Here het my êrens anders heen opgeroep." En toe uitgevind hy het na drie stadiums gegaan: na Gilgal, en verder na die skool van die profete toe, en Jérigo, en toe af na die rivier toe en die Jordaan oorgesteek het saam met hom.

37 En as ons oplet, soos ons verlede Sondag gepreek het oor *Abraham En Sy Saad Na Hom*, het ons uitgevind dat Hy Abraham drie kruispaaie gegee het: Deur regverdigmaking, hom in die 12de hoofstuk geroep; 15de hoofstuk, deur die bloedoffer was heiligmaking; deur die 17de hoofstuk, om sy krag uit Sy liggaam te voed, die Heilige Gees, in Abraham se liggaam in om hom te versterk vir die seun wat sou kom.

38 Soos Hy met die Kerk gemaak het, so het Hy met die Saad van Abraham: regverdigmaking, deur Luther; heiligmaking, deur Wesley; die doop van die Gees deur die Pinksterbeweging. Toe die plasing van die Seun, gawes in die Kerk gegee, toe verskyn in die vorm van. . . Hy was God in die vlees, wat Homself gemanifesteer het, wat die verborgenhede van die hart geken het in wat Sara in die tent agter Hom gedoen het.

39 Hoe daardie kruispaaie, en daardie kerke vind wat reguit aankom in daardie selfde plek. Hoe Hy die liggaam van Sara en Abraham volgende moes verander, na daardie boodskap, om die beloofde seun te ontvang. En dis wat Hy met hierdie Kerk gedoen het, Dit deur dieselfde ding gebring het. Nou, die volgende ding is 'n verandering in 'n oomblik, in 'n oogwink, en te gaan.

40 En ons sal 'n veranderde liggaam moet hê. Nou, Sara en Abraham in daardie soort liggaam, kon nie die beloofde seun ontvang nie, hulle was 'n honderd jaar oud, Hy moes hulle liggaam verander. Hulle nie terug te verander, sover, soos om

jonk te wees, wat Hy gedoen het nie, maar ook, hulle te verander, omdat hulle was soos hulle in die eerste plek was. Maar Hy het hulle liggaam op so 'n manier verander, dat hulle die seun kon ontvang.

41 En nou, vind ons die volgende ding in orde vir die Kerk nou, is 'n veranderde liggaam, nie ons ou mense wat teruggaan en jonk word, soveel nie, maar ons sal, en ons sal daar jonk wees, net so seker, maar ons moet 'n veranderde liggaam hê om die Seun te ontvang, want ons gaan Hom in die lug ontmoet. Wegraping kom, verander in 'n oomblik, in 'n oogwink.

42 Nou, ons vind uit dat God Elisa deur dieselfde proses gebring het, drie verskillende stadiums. En toe nadat hulle die skool verlaat het, afgegaan het na die Jordaan, en oor die Jordaan gegaan het, toe het hy 'n dubbele deel van Elía se gees op hom gehad (Nou, Jesus het gesê: "Hierdie dinge wat Ek doen, sal julle ook doen, meer as dit sal julle doen, want Ek gaan na die Vader."), is 'n tipe van Christus en die Kerk. Christus is opgeneem, en dieselfde Gees wat op Christus was, het op Sy Kerk gekom.

43 Nou, waar Christus net in een plek kon wees om te bedien, nou, in Sy Kerk, kan Hy universeel wees, regoor die wêreld bedien. Dink net, hier is ons in Chicago vanaand, saam met Christus, wat bedien; oorkant in Filadelfía, Christus bedien; Afrika, Japan, Asië, Europa, oral. Oomblik. . .mense word op hierdie oomblik, om die wêreld, genees deur die krag van God, mense ontvang die Heilige Gees by die dosyne, op hierdie oomblik, sien, om die wêreld, 'n dubbele porsie, Sy Gees uitgestort in die laaste dae.

44 Sodra die skool van teologie, bo-op die berg van Jérigo, teruggekom en Elía gesien het. . .Elisa het oorgegaan, en die wonderwerk gesien wat hy gedoen het, net presies soos Elía dit gedoen het. Wel, hulle het gesê: "Die gees van Elisa. . .Elía rus op Elisa."

45 En toe, vind ons uit, toe, dat die mense geweet het dat die Gees van God op hierdie profeet was. So hulle het hom geraadpleeg, of hy nie een of ander wonderwerk vir hulle sou doen, vir iets goeds nie. Hy het gesê: "Ons het 'n pragtige stad hier, wat op die heuwel sit en die—die uitsigte is mooi en dis 'n goeie plek vir skool," ensovoorts: "soos Elía gebou het, maar die water hier is bitter." En hulle het 'n nuwe, 'n fontein, benodig.

46 En natuurlik, hulle het verander, hulle moes 'n nuwe fontein oopmaak. En so kan jy nie nuwe wyn in ou bottels sit nie, dit sal hulle laat bars, julle weet. En ek dink vandag is ook 'n dag, wanneer ons—ons 'n verandering van water nodig het. Ons het 'n kruik sout nodig, 'n nuwe kruik sout waarin daar nog nooit tevore enigiets in was nie.

47 En God doen dit gewoonlik, laat 'n klein mens opstaan uit iewers wat niks weet nie, en gooi 'n kruik sout in 'n paar ou

kerklike water, en voor jy jou kom kry, het dit alles weer soet geword, nog ’n herlewing, die Heilige Gees wat op almal val, oral heen gaan.

48 Dis wat ons—ons nodig het vanaand. Dis wat ons weer nodig het, is nog ’n bietjie sout, dink julle nie so nie, om die water te versoet? Onthou, hy het ’n splinternuwe kruik geneem, waarin daar niks was nie, en sout daarin gesit. Nou, sout is ’n geurmiddel as dit kontak maak, maar dit moet eers kontak maak, dit moet sy kontak maak.

49 Nou, nou, in die—die, agter in die politieke wêreld, was daar ook ’n groot verandering gewees. Daar was ’n—’n man met die naam van Agab wat gesterf het, en sy seun, Joram, het in sy plek regeer. En hy was net omtrent soos, o, ek reken sy vader, Agab, hy het ’n paar dinge reggemaak, maar het sleg geword in nog ’n paar.

50 En so, dis omtrent hoe dit is, maak, wanneer ons ’n nuwe stelsel vorm, wel, ons haal ’n paar dinge uit wat die ou stelsel nie gehad het nie, en sit miskien iets erger in, en ons bly net so voortgaan. Maar dis hoe dit gebeur het gedurende hierdie tyd.

51 So, ’n paar aande gelede, het ek gepraat oor Jósafat wat afgekom het om Agab te ontmoet, en ’n verbond met hom gesluit, en hy het in verkeerde geselskap beland. Nou, dis vreemd dat Jósafat, wat steeds koning was, in die agtiende jaar van sy regering, toe Joram Agab se plek oorgeneem het, Jósafat afgekom het, of, Joram ’n boodskap na hom toe gestuur het, omdat hy in die moeilikheid beland het, en Jósafat het weer reguit teruggekom in die verkeerde geselskap.

52 Is dit nie vreemd dat ons daardie dinge doen nie? Hulle spring reg uit die braaipan, in die vuur in. Jy vind dat mense sal, as . . . Hulle sal reguit uitkom en God begin dien, en dan, die eerste ding waarvan jy weet, sal hulle weer reguit teruggaan in die wêreld, die Bybel sê: “Soos ’n hond na sy braaksel gaan; en ’n sog na die rolplek.” En die hond behoort te weet as die braaksel hom siek genoeg gemaak het om—om dit die eerste keer uit te kry, dit dieselfde ding die tweede keer sal doen.

53 En as sonde van die wêreld ’n mens sal laat besef dat hy eenmaal verkeerd is, om hom te laat bekeer, dat dit dit die tweede keer sal doen. So waarom nie in elk geval wegbly van die ding nie? As dit jou siek gemaak het en jy het ontslae geraak daarvan, bly weg daarvan. Bly weg van die geringste vorm van die kwaad. En ons vind uit dat dit is hoe dit gaan, egter, en ons het dit net, so ons het dit altyd gehad, so ek reken ons sal dit net altyd hê.

54 Maar ek kan my voorstel dat—dat Jósafat gedink het, “Wel, ek sal afgaan en kyk miskien sal hierdie nuwe pastoor, Joram, anders wees, hy sal net ’n bietjie anders wees as wat die ou pastoor was.” Maar ons vind uit dat hy wel ’n nuwe pastoor was, maar dat hy dieselfde ou stelsel gehad het, hy het net ’n

paar nuwe dinge daarby gevoeg, en het 'n paar nuwe programme bygevoeg wat die ou stelsel miskien nie gehad het nie.

55 Dis wat ek dink ons baie daarvan vandag gedoen het, vriende. Ons het, ons Pinkstermense, dis 'n groot deel van wat ons gedoen het, ons het die ou stelsel geneem en ons probeer 'n nuwe herlewing begin, maar voor jy jou kom kry, draai ons om en doen met die nuwe herlewing, neem net weer die ou stelsel daarin, en dis wat die ding opbreek.

56 Nou, hier nie lank gelede nie, het hulle 'n ding uitgebreek toe die herlewing begin het in die Pinkster-sfere, genaamd "Die Spade Reën." Wel, hulle het uitbeweeg na verskillende plekke, en hulle het gesê: "Ons is nie georganiseerd nie," en toe uitgevind, hulle was erger georganiseer as wat die res van hulle was. Sien, jy het die ou stelsel terug met die—met die nuwe pastoor, en dit werk net nie, dis al. En dit bring die hele ding in 'n verwarring, dan is julle heeltemal opgebreek.

57 So dis wat hier gebeur het, Jósafat het afgegaan om—om 'n —'n bietjie te kyk na hierdie nuwe pastoor, Joram, en gedink hy sou miskien na sy stelsel kyk en sien wat hy gehad het, maar dit was net 'n haak om hom weer in die moeilikheid te laat beland. En dan met al die glans en alles wat hy vir hom gehad het, vind ons uit dat hy gegaan het, hulle sewe dae gegaan het sonder om die Here te raadpleeg, sonder om seker te weet dat God in hulle midde was.

58 Nou, dis wat die probleem is, ons begin met hierdie dinge, maar stop nooit om uit te vind of, regtig, dit die Here in ons midde is of nie, of dit een of ander soort emosie is, of een of ander soort opgewerktheid, of een of ander soort van 'n dwase stelsel van iets. Ons behoort—ons behoort die ding op te los en te kyk of dit van God is of nie. Ek dink dis waar ons ons foute maak.

59 Is sewe dae wat die Kerk gereis het, en ons vind uit dat binne sewe dae, dit net as vanselfsprekend aanvaar dat God saam was, dis wat ons gedoen het. Neem dit net as vanselfsprekend: "O, wel, ons sal by die kerk aansluit, God is daarin, daar's glad geen twyfel nie."

60 Ondersoek en vind uit of God daarin is of nie. Jesus het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg," tekens, wonders, wonderwerke. En wanneer ons ons kerke sien afkoel en daardie dinge wat nie gebeur nie, jy moet wag tot jy een of ander spesiale evangelis in die dorp kry of iets, dan 'n paar tamboeryne slaan en 'n bietjie emosie opwerk, is God nie daarin nie, nee.

61 Ek sal julle sê wat ons vandag nodig het, is weer 'n terug na die ou Bybel, terug na die outydse Pinksterleer van die Bybel, terug na die Heilige Gees, terug na die krag van God, terug na heelnag bidure, waar hulle honger en dors na God. Dis wat ons vanaand nodig het in ons kerke, in ons. . . om dit in ons stelsels in te bring.

62 Hulle het toe uitgevind dat sewe dae se reis hulle uiteindelik na 'n woestyn gebring het. En ons het dieselfde ding uitgevind, ons het sewe kerktydperke gehad. Ons lewe nou in die sewe kerkeeue. Wat het ons gedoen toe, 'n herlewing uitgebreek het? Ons het 'n stelsel opgestel en vir ons 'n klein groepie hier gemaak wat "Ons glo *hierdie*. En ons sal niks te doen hê met *hierdie* groep nie." En *hierdie* groep maak vir hulle 'n klein groepie op, hulle sal niks te doen hê met *hierdie* groep hier nie. Hulle begin net stry, baklei heen-en-weer, en nou, vind ons uit te midde van dit alles, dat ons omtrent sewe dae aangegaan het en God nie in ons midde gehad het nie. Dis reg.

63 Nou, die profeet het gesê daar sou 'n dag wees wat dit nie dag of nag genoem sou word nie, sou dit soort van 'n triestige, somber dag wees. Ons het daardie soort dag gehad. Ons het 'n dag gehad vir die laaste tweeduisend jaar, waar ons dienste gehad het en Jesus as God se Seun aanvaar het, as ons Verlosser, en ons het God groot dinge onder ons sien doen. Maar tog, was dit 'n lang tyd sedert die Pinksterlig.

64 Tweeduisend jaar het ons organisasies gemaak, groot skole gebou, en stelsels gehad, en hier uitvind, in die sewende kerkeeu, vind ons uit ons het iets gemis, daar's iets verkeerd. Ons vind uit ons het in 'n woestyn beland, en al die vrugte is opgedroog.

65 Dis wat die Pinksterkerk vandag gedoen het, het homself so styf georganiseer, dat dit teen mekaar is, tot ons uitgevind het dat al die vrugte opgedroog is. Ons het nie meer liefde, vrede, vreugde, lankmoedigheid, gemeenskap, wat ons behoort te hê nie, soos hulle gehad het aan die begin, die vrugte het heeltemal opgedroog in die woestyne.

66 Sewe dae aangegaan, sonder om die ware, lewende God te vind, ons het afgegaan op klein *ismes*. God het vir Luther regverdigmaking gegee, hy het afgegaan daarop; Hy het Wesley heiligmaking gegee, hy het afgegaan daarop; Hy het die Pinkstermense in tale laat praat, en hulle het afgegaan daarop. God wil ons bymekaar roep in 'n eenheid van krag om die volheid van die Heilige Gees weer in die Kerk terug te bring, met al die geestelike gawes wat in elke plaaslike liggaam werk.

67 Ja, sewe dae sonder God, het hulle in 'n woestyn ingelei. Dis nou dieselfde ding, Sy vrugte is opgedroog. Ek stel my voor dat. . .soos hulle uitbeweeg het oor die heuwel van die groen valleie en dinge, hulle gesien het hoe die—die plekke soort van opdroog het.

68 Julle weet, almal wil 'n heuweltop ondervinding hê, en hulle wil nooit die vallei hê nie, almal, die Pinksterkerk, ook. Elke aand, as julle nie skree, dans, op-en-af spring, in tale praat, en oor die vloer gehardloop het, of *so-iets* nie, het julle nie 'n diens gehad nie. Wel, julle weet dis alles reg om op die bergtop te wees, dis goed, maar laat ek vir julle sê, julle vrugte sal daarbo vries

in die nag, en wanneer die koue tyd kom, sal julle al julle vrugte verloor.

69 Dis wat nou gebeur het, ons maak te veel van bergtop-ondervindings van dans, en skud, en rondspring, in plaas van heelnag gebedsdienste, onder in die vallei van besluitneming, waar jy daar moet afkom en God ontmoet en regtig jou lewe uitstort totdat iets plaasvind. Ons het laat die . . . Ons het vrugte daarbo gekweek, maar die ryp maak dit dood. Dis reg. Elke keer as daar 'n koel tydjie kom, het jy niks om op te rus nie. Wanneer die emosie of die . . . wegsterf, dan is die uitroepe heeltemal weg, hou die geluide op, dan die . . . waar is jy? Die versoeking kom, dan kan jy dit nie hanteer nie.

70 Wat ons nodig het, is om af te kom na daardie maalplek, daaronder in daardie vallei, uit te grawe. Dis presies reg. Dis waar die Kerk vanaand moet wees.

71 Wel, ek kan my voorstel hulle het die groen lewe opgelet wat begin . . . Julle sê: "Groen?" Ja, ons mag groen wees, maar ons het in elk geval lewe. Daardie . . . Ja.

Almal sê: "Wel, daardie klomp Pinksterpredikers, party van hulle . . ."

72 Ek was by 'n skool nie lank gelede nie, en my seun het vir 'n paar studente gesê: hy het gesê: "Wel, ek is self van die Suidwestelike Bybelskool."

73 Gesê: "As jy kan lees en skryf, is jy beter daaraan toe as daardie klomp *daar* oorkant." O, goeiste! Wel, hy het gesê: "Wel, hulle is die groenste klomp wat ek ooit gesien het."

74 O, broer, ons mag groen wees, maar ons het . . . ons is buigbaar. Enigiets wat nie groen is nie, sal, jy 'n bietjie daaraan trek en jy sal dit breek.

75 Dis wat die probleem vandag is met te veel mense se ondervindings, te droog en styf. Ons het iets buigbaar nodig dat as die wind afkom, dit dit kan waai, en dit laat beweeg, en dit rondskuif, dit laat groei, lewe daarin kry. Ek sou liewer 'n bietjie groen wees en buigbaar wees vir die Heilige Gees, sodat ek Daarvoor kan ingee, as om te staan en 'n treurige geluid te maak, soos 'n begrafnisdiens, wanneer Dit oor my waai, wat sê: "Dae van wonderwerke is verby. Nie so-iets soos Goddelike genesing nie." Dis 'n begrafnisdiens.

76 O, daardie jong bome, egter, wanneer hulle buigbaar is en vir die Gees kan gee, en die Gees hulle begin beweeg het soos 'n rukwind, hulle vol van God se goedheid gevul het, o, dis die soort lewe! Dit mag 'n klomp groenes wees, maar dit, ja, dis 'n klomp wat lewe daarin het. Dis goed. En as enigiets nie is nie, wat nie lewe daarin het nie, is dit dood, dis wetenskaplik bekend, dat dit dood is.

77 Sewe dae, en dit was, onthou, dit was op daardie sewende dag wat hulle herken het wat hulle gedoen het.

78 En ek dink ons het afgekom deur Luther, Wesley, en—en Baptis, Presbiteriaan, Metodis, en verder af soos daardie, en nou is dit in hierdie laaste eeu, dat ons pas herken het wat ons gedoen het. Ek glo dis nou hierdie tyd, dat die Pinksterkerk erken het wat dit gedoen het. Die ware, Gees-vervulde leiers, die ware, Gees-vervulde Christene van die Pinksterbeweging, hulle herken dat iets gebeur het, hulle het afgekoel. Want almal wat probeer lewe het op die bergtop, het vertrek sonder God.

79 Wat ons vandag nodig het, is om terug te kom na God, terug te kom na die ondervinding, terug te kom. Wel, dis in die sewende uur dat hulle herken het dat hulle daarbuite was sonder vrugte, geen liefde nie, wat met mekaar stry: "Jy is 'n Eenheid." En: "Jy's 'n Drieheid." En—en: "Jy behoort aan Gemeentes." En: "Jy's 'n Kerk van God." En: "Jy's *dit*, *dat* of die *ander*. Ons sal niks met jou te doen hê nie." Noem mekaar een slegte naam en een, die ander, slegte naam.

80 En die wêreld het omgedraai en gekyk, en gesê: "Wat makeer daardie mense? Albei van hulle wat in tale praat in *hierdie* kerk en profeteer, en aangaan. *Hierdie* een *hier* by hierdie kerk, en hulle het. . .Hulle respekteer nie eens mekaar nie, hulle het nie enige ordentlikheid vir mekaar nie."

81 O, wat ons vandag nodig het, is terug na die vrugte van die Gees: liefde, vreugde, vrede, geloof, lankmoedigheid. God kan 'n gawe onder hulle stuur en hulle sal dit telepatie noem, hulle sal dit die duiwel noem, hulle sal dit iets anders noem. As een kerk dit borg en die ander een dit optel, is dit nou reg. Omdat *hierdie* een iets daarmee te doen gehad het, help dit niks. O, goeiste, goeiste! Wat 'n jammerlike toestand! Ja, meneer.

82 Ons besef dat die vrugte van geloof, die vrugte van liefde, vreugde, vrede, geloof, lankmoedigheid, goedheid, nederigheid, sagmoedigheid, geduld is. Geduld? Wel, hulle kan skaars sewe dae by mekaar uithou, sewe ure, partymaal nie eens sewe minute nie. Hulle sal opspring en uit die kerk uithardloop as jy iets sê wat nie net presies is wat hulle klein troeteldierteorie is nie. Hulle moet opstaan en uit die kerk uithardloop daaroor. O, hulle kan net nie 'n oomblik stilsit nie, hulle moet daar uitkom, "Ag, dis nie wat Pastoor *So-en-so* sê nie. Halleluja, ek hoef nie na sulke goed te luister nie," gaan uit. O, julle ellendige! Goed. Daar het julle dit. Gaan voort.

83 Maar dis reg, julle sien, hulle het al die vrugte verloor, ons besef dit. Die vrugte van die Gees is verdroog, alles afgekap, en lê verdroog, verpoeier, gereed om weg te waai. Dis *so* 'n toestand!

84 Ons besef nou, dat ons groot organisasies, hulle is goed, die organisasie, solank dit God daarin hou, solank dit die vrugte van die Gees daarin het, solank dit liefdevol en goedhartig is,

en gewillig om gemeenskap te hou en die volgende broer te help, maak nie saak hoe, wat hy glo nie, as hy ’n broer is en God hom die Heilige Gees gegee het. God gee hulle die Heilige Gees wat Hom gehoorsaam, dis reg.

85 So as jy die Heilige Gees het, die Metodiste het die Heilige Gees, die Baptiste het die Heilige Gees, die Presbiteriane het die Heilige Gees gekry, die Eenheid het die Heilige Gees, die Kerk van God het die Heilige Gees, wel, waaroor stry julle? Laat ons bymekaar kom, laat ons aanbeweeg, dis—dis wat ons nodig het. Sien, dit is nie die organisasie nie, dis die stelsel in daardie organisasie wat wegtrek; dis die duiwel wat dit doen.

86 So ons vind uit dat al ons. . .probeer om. . .groot geboue en groot bouprogramme ensovoorts, Ek stel my voor soos—soos hierdie kêrels opgeklim het oor hierdie berg, hierdie konings ensovoorts, wat opgaan, het hulle opgelet in hulle groot, hoë, opkomende bouprogramme, hulle het begin sien die vrugte begin kleiner en kleiner word, en naderhand was daar glad nie enige vrugte nie.

87 En ek weet ons het dit gedoen, en ons het dit gesien in ons tyd, soos ons voortbeweeg het deur hierdie Pinkstertydperk. Toe ons nog onder op die hoek was, omtrent veertig jaar gelede, nêrens gehad het om na toe te gaan nie en iewers ’n klein gaatjie in die muur gehad het, en ’n klomp mense wat gelag, hulle holy-roller genoem het, wel, toe was hulle meer geestelik, as wat hulle nou is, dis reg.

88 Die kerk was in ’n beter toestand, elkeen van die organisasies toe, as wat dit nou is, geestelik gesproke. “O, sekerlik, ons besit miljoene dollars se eiendom.” Wel, dit beteken niks vir God nie. Ek wil liewer nie een stukkie klere hê, soos Johannes, ’n skaapvel om my gedraai hê, en Jesus Christus ken, en weet dat my hart rein en skoon is voor Hom, wel, sekerlik, as om al die rykdom van die wêreld te hê.

89 Maar die ding is, die Kerk het vertrek sonder God. Hulle het vertrek sonder om te h-. . .en hulle het uitgevind die vrugte van die Gees het die kerk verlaat. Lankmoedig, party van hulle met genoeg humeur, wel, om met ’n kragsaag te kompeteer, en dan, en praat van die Heilige Gees, sien. Waarom die vrugte van die Gees liefde, en vreugde, lankmoedigheid is. Uithou? Ja, omtrent—omtrent twee minute, dis al, en weg is hulle, julle sien. So lankmoedigheid, vrugte is heeltemal verdroog.

90 Ons groot bouprogramme het opgebou, dis reg, ons groot, hoë opvoedkundige programme het opgebou, ons pastore is beter geleerd, o, goeiste, goeiste! Ons het net allerhande grade, en—en dit gaan ’n hele klomp *grade* onder vriespunt ook, wanneer ons daarbo kom, omtrent daardie tyd, omtrent minus veertig, word dit blykbaar. O, meneer!

91 Maar ons—ons het dit alles, dis reg. Soos ons sien, klim ons hoër op, maar al die vrugte en dinge verdwyn, lyk of al die waters van die Lewe opdroog, geen Ewige Lewe meer nie. Dis amper asof, soos ek nou die aand gesê het, pastore so besig is en mense so besig is om lidmate te ruil, net soos om 'n lyk van een lykshuis na 'n ander te neem, net een plek na 'n ander, dis—dis reg. Party van hulle braai en die ander vries, so dis net omtrent hoe dit gemaak het. En ek het gesê om klein *ismes* te kry, wat naderhand *wasmes* word en daar gaan ons, julle sien.

92 En dis waar die kerk gekom het, tot die vrugte van die Gees oral opgedroog het. Ons sien dit oral, julle weet dis die waarheid. Ons kan net sowel uitkom en sê dis die waarheid, want dit is.

93 En ons vind uit dat hulle sterwend was daarbuite in die woestyn. Wat 'n verskriklike toestand, waarnatoe dit gelei het, om te vertrek sonder God. O, hulle het 'n sewe-dag kompas gaan haal, o, sekerlik, hulle het goed deurgekom. Hulle kan terugwys en sê: "Ons, ons is die *so-en-so* en die *so-en-so*." Dis waar genoeg. Maar waar is God? Dis reg. Waar is God in die ding?

94 Ons het groter kerke en groot torings bo-op hulle, groot kruise, en sagte banke, en ons kan vergelyk met enige van hulle, ons Pinkstermense kan, geld wat vloei na wie ook al, die bes geklede skares, en broer, Cadillacs wat oral rondsit, maar waar is God? Waar is God?

95 Dan wanneer Hy in die midde daarvan inkom, sê baie van hulle: "Ag, moet nou nie daarna luister nie, dis—dis onsin, moenie—moet jou nie daaraan steur nie." Sien? Net dooie stompe, dis al wat dit is. Nou, dis reg. Vrugte het verdroog en is 'n lankal weg. O, in watter verskriklike uur lewe ons.

96 En toe hierdie tyd aangebreek het, voor jy jou kom kry, het hulle water opgeraak. Hulle het nie enige water gehad nie, en hulle het begin uitroep: "Helaas, helaas! O God, U was so goed vir ons om vir ons hierdie groot geboue te gee, maar," het baie van hulle begin uitroep: "waar is die Waters van die Lewe?" Hulle sien kommunisme inbeweeg, sien die wêreld net omtrent tot sy einde, en profete wat profeteer die einde is op hande, ensovoorts, dan wonder ons: "Waar is die Water? Wat het gebeur?"

97 En daar was een wat uitgeroep het, of, 'n regverdige wat uitgeroep het: "Is daar nie 'n profeet iewers wat ons kan besoek nie? Is daar nie iewers 'n profeet nie?" Die regverdige Jósafat het uitgeroep: "Is daar nie 'n profeet nie? Ons is in 'n krisistoestand. Is daar nie iemand iewers wat ons hieroor kan raadpleeg nie?"

98 Nou, as ons organisasies ons in die posisie laat beland het waarin ons is omdat ons onsself van mekaar geskei het, skynbaar sonder die geloof, dan moet daar iewers iets wees. Nou, die regverdiges roep uit: "Waar is daardie man van God? Waar is daardie persoon, wat ons kan sê?"

99 Hy's hier vanaand in die Persoon van die Heilige Gees. Hy's die Een wat vir julle kan sê wat om te doen, Hy's die Een wat julle harte kan prik, Hy's die Een wat jou sondes kan ontvou, Hy's die Een wat die twyfel uit jou kan wegneem, en die *hoop-so* en in jou 'n *weet-so* kan maak. Hy's die Een wat dit kan doen, daardie Persoon van God wat die Heilige Gees genoem word, Hy's die Een wat teenwoordig is.

100 Nou, ons vind uit dat hulle almal begin uitroep het, en gesien het dat die vrugte heeltemal weg was, hulle verdroog het, en hulle sonder water was. En—en hulle, die regverdige man, natuurlik, die uitverkorene het gesê: "Is daar nie, iewers, 'n profeet wat ons kan raadpleeg nie? Is daar nie iemand wat ons in die hande kan kry wat weet hoe om ons uit hierdie situasie te kry nie, iemand wat nie aan ons verwarring hier behoort nie? Ons het almal hier ingekom, 'n alliansie gevorm, en ons het vergader hier bo-op die heuwel, en ons gaan veg, en julle vind uit ons het niks, niks om mee te veg nie."

101 Dis wat die probleem is met die kerk vandag, ons het baie lidmate, almal dood; ons het 'n klomp yslike groot organisasies, dood; ons het baie entoesiasme, maar dis op die verkeerde manier: wie die beste kan aantrek, en wie die meeste kan vooruitgaan, en wie die beste skool het, die meeste balspanne kan oorwin, of die beste bunco speel, of so-iets.

102 Ons wil God hê, niks van daardie dinge nie. Kom weer terug na God.

103 "Waar is dit? Is daar nie 'n profeet iewers wat vir ons kan sê wat om te doen nie? Is daar nie iemand wat ons kan raadpleeg nie?" O, wat 'n toestand! Dit was die uitroep van die regverdige man, daar was net een van hulle onder hulle, dit was Jósafat, hy was 'n goeie man, maar hy het in verkeerde geselskap beland.

104 Dis wat die probleem is vanaand, soveel goeie manne, baie goeie manne, buite in al daardie organisasies daarbuite, net oral, goeie manne, maar ons staan voor 'n feit, ons staan voor iets, dit waar Mohammedanisme en Boeddhisme en ander ismes net soveel sielkunde kan voortbring as wat die Christenkerk kan voortbring. Dis reg.

105 Wat ons nodig het, is nie 'n sielkundige beweging nie, nie 'n teologie beweging nie, maar ons het 'n Heilige Gees beweging nodig in die Kerk, totdat die mense uitroep: "Waar is daardie God wat eens gelewe het? Waar is daardie God van Pinkster? Waar is daardie God wat 'n sondaar se hart neem en dit wit soos sneeu was, Wie 'n prostituut van die straat af neem, 'n dame daarvan maak, 'n dronkaard uit die kroeg daarbuite neem, en 'n prediker van hom maak? Waar is daardie God wat kan uitbeweeg en daardie kreupel bene neem en hulle reguit maak, daardie blinde oë laat sien, daardie dowe ore laat hoor, daardie kanker

laat verdwyn? Waar is die God wat dit eenkeer gedoen het?" Dis reg. Ons het uitgevind dat daar iets verkeerd is.

106 Nou die aand toe ek gepreek het oor die onderwerp van *Die Nuusflits, Grootste In Die Geskiedenis*, ou Johannes, sy oë het, profeet Johannes, het soort van dof geraak. Hy was soos, hy het die gees van Elía gehad, en Elía het 'n ineenstorting gehad toe hy onder die besembos was, Johannes het 'n ineenstorting in die tronk gehad. En hy was 'n hoogs-besnaarde profeet, daardie senuwees op hol, en toe het sy arendsoog dof geraak, hy het gesê: "Gaan kyk of ek verkeerd was. Vra Hom of Hy Een, of, die Een is, of soek ons na 'n ander?"

107 Jesus het nooit vir hom enige boek gestuur: "Nou, hier's *Hoe Om Geduld Te Hê Terwyl Jy In die Tronk Is*," of sovoorts nie. Wat het Hy gesê? Wat het Hy vir hom gesê? Hy het gesê: "Bly net en hou vanmiddag se diens dop, gaan wys dan vir Johannes: Die kreupeles loop, die blindes sien, die . . . "

108 Johannes het 'n Evangelie verkondig dat 'n Messias sou h-. . . skop in Sy hand, en die vloer deeglik sou skoonmaak, sekerlik, die kaf verbrand met onuitblusbare Vuur. Maar toe Hy gekom het, was Hy 'n klein, sagmoedige Kêreltjie, sagmoedig en nederig, dit het nie—het nie vergelyk met wat Johannes gedink het dit behoort te wees nie.

Maar Hy het gesê: "Gaan sê vir Johannes Ek is reg op skedule, dis alles reg, alles is reg."

109 Dis dieselfde ding wat dit vanaand is, die kerk, die mense van die wêreld het gesoek na die Metodiste, Baptiste, Presbiteriaanse, of een of ander kerk om iets voort te bring om Christus terug te bring, Hy's reg op tyd: Die kreupeles loop, die blindes sien, die dowes hoor. Glorie! Hy's reg op skedule. Amen. Daar's niks verkeerd nie, Hy beweeg reguit aan. God lewe nog, Hy's nog steeds God.

110 En hierdie regverdige man het uitgeroep: "O, is daar nie 'n profeet iewers wat ons kon raadpleeg nie?"

Nou, daar's een goeie broer onder hulle, en ek kan hom hoor sê: "Ja, ja, ek—ek ken so 'n man, ek—ek ken so 'n man."

111 Ek kan hom net sien omkyk na Joram, en sê: "Nou, jy gaan hom nie glo nie, dit weet ek sommer nou, jy gaan nie hierdie kêrel glo nie, omdat jou vader hom nie geglo het nie. Hy het beslis nie. En jou vader het daardie skool gehad daarbo op die heuwel van daardie klomp profete daarbo, of *sogenaamd*, en hulle het hom nie geglo nie. Wel, hulle het gesê die . . . En hierdie man wat ek ken, die Gees van sy vader is op hom. Hy doen dieselfde ding wat sy vader doen, hy het dieselfde ding gedoen wat Elía gedoen het. En die gees van Elía rus op Elisa, en ek was by sy dienste, en ek weet dis die waarheid." Amen.

112 God help ons. Dis wat ons wil hê, dienste soos daardie, waar ons die Gees van ons Vader, Jesus Christus, sien, wat die, Elía 'n tipe was. Sien, die Gees: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." O, broer, Dis die Een.

113 Hierdie goeie broer het gesê: "Ek weet waar hierdie man is. Ek—ek het die gees van Elía op hom gesien, hy het water op sy hande gegooi, hy het saam met hom gelewe, en ek weet dat die gees van Elía wel op Elisa rus, ek weet. Joram," gesê: "jy kon dit nie glo nie. En julle hele skool profete destyds daar sou dit ook nie glo nie, julle teologiese kweekskool, want ek sal vir jou sê waarom, hier is die rede: Toe Elisa teruggekom het en hulle vertel het dat Elía opgeneem is, en hy 'n dubbele porsie daarvan gehad het, wel, hulle het gesê: 'Die man het sy verstand verloor. Kry 'n soekgeselskap van omtrent vyftig en vind uit of hy het. Hy—hy het nooit opgestaan nie, hy's steeds daarbuite iewers.' En hulle. . . "

114 Ons het al ons kerklike stelsels probeer, o, moenie kwaad word vir my nie, maar laat ek vir julle sê, hierdie kerklike stelsels het meer as tweeduisend jaar geneem om die herrese Here Jesus te probeer vind deur opvoedkundige programme, deur teologie, en deur kerkorganisasies, en het Hom nie gevind nie. Amen. Hy kom nie deur mensgemaakte teologie nie, Hy kom nie deur organisasies nie, Hy kom deur 'n hart wat oorgegee is, deur die doop van die Heilige Gees in die hart. Amen. Ons mensgemaakte stelsels vind Hom nie.

115 O, hulle het geselskappe georganiseer en uitgegaan en na hom gesoek, gesê: "O, nee, die Gees het nooit daardie man opgeneem nie. Nou wees verstandige mense, julle weet ons het almal ons Baccalaureus Artium, ensovoorts, so ons—ons weet beter as 'n ding soos daardie. 'n—'n Man wat hierbo gesit het, en mieliebrood saam met ons geëet het, ensovoorts? Wel, ons weet dat daardie man nie opgeneem kon word in 'n Vuurwa nie. Die kêrel het baie opgewerk geraak, hy was daar oorkant, en hy het teruggekom met 'n klomp fanatisme, so ons—ons weet beter as dit. So laat net die ou kêrel sit, sy—sy bleskop het te warm geword, julle weet, en so hy. . .kom ons waai hom net 'n bietjie koel. Gaan julle almal soontoe en vind uit wat daar oorkant plaasgevind het. Soek, stuur geselskappe."

Gesê: "Gaan voort, maar julle sal hom nie kry nie."

116 Bespot my, noem my *idioot* as julle wil, maar God het. . . julle sal Hom nooit in julle organisatoriese stelsels vind nie. Nee, meneer. Hy is opgeneem, en Hy kom weer in die vorm van die doop van die Heilige Gees. En jy sal nooit mense daarin leer nie, hulle moet daarin gebore word, moet die doop van die Heilige Gees wees, niks minder nie.

117 Nie 'n verstandelike opwerking, een of ander emosionele, of kerklike stelsel, of teken nie, maar dit moet die ware,

egte Heilige Gees wees wat die vrugte van die Gees van liefde voortbring, vreugde, geloof, lankmoedigheid, goedheid, sagmoedigheid, geduld. Dis reg, dis die ding. Ja.

118 Joram kon dit beslis nie doen nie, hy wou dit nie glo nie. Hy, julle sien, hulle kon dit nie glo nie, die skool het gesê: "Nou, wag 'n bietjie hier, nou, ons weet hierdie kêrel is soort van baie warm, so ons sal hom laat rondsit, en ons sal ons groepe bymekaar kry en ons sal uitgaan en hom weer oplaai, hy is daarbuite iewers."

119 En dis wat ons vir tweeduisend jaar probeer doen het. En Pinkstermense, julle doen dieselfde ding, probeer Hom optel met organisasie. Julle sal dit nooit doen, julself af te sonder van ander broers nie, julle moet terugkom, en ons moet een wees, ek gee nie om of die man verkeerd is nie. As hy verkeerd is en opreg is in sy hart, en jy is reg in jou geloof en—en jy verkeerd is om op te tree soos jy optree, sal ek liewer in sy plek wil wees as om in joune te wees. Dis reg. Ek sal liewer verkeerd wees in my doktrine, en reg in my hart, God sal dit meer respekteer.

120 So as 'n man verkeerd is, wat daarvan? Help hom, hy het hulp nodig, wees lief vir hom. As jy nie jou vyand kan liefhê net soos jy hulle liefhet wat jou liefhet nie, is jy niks beter as die tollenaars nie. Reg. Dis wat die kerk versuim het om te kry. Ek hoop julle kry dit vanaand, ek hoop julle sien waarvan ek praat. Dis terug na liefde, verlossende liefde, al die ander dinge is goed, maar ons moet terugkom na gemeenskap met mekaar.

121 En mense sê dat ek organisasies beveg, ek doen dit nie, ek beveg daardie stelsel daarbinne wat broederskap verbreek, ek het dit nog altyd gedoen, en ek sal dit altyd doen, dis reg, daardie ding wat broederskap skei. Laat ons bymekaar kom, laat ons broers wees.

122 As ek elke kerk in hierdie stad kon sien, elke kerk in die wêreld geword het soos ons nou die oggend was by daardie predikersontbyt, toe ek die Eenheid, Tweeheid, Drieheid en alles gesien het, wat mekaar omhels, hulle arms om mekaar, sou ek sê, soos Simeon van ouds: "Here, laat U dienaar in vrede gaan, want my oë het U verlossing aanskou." Dis reg.

123 Jy kan dit vestig in 'n klein gemeenskappie, en dan voor jy jou kom kry, sal die duiwel weer daar inkom, dit weer opbreek. Dan kan jy . . . Maar oraloor, jy kan dit nie doen nie. Dit sal eendag gedoen word, God sal 'n—'n straf vir hulle stuur en hulle sal moet.

124 So Biskop Joram, hy wou dit net nie glo nie. Hy het geweet hy kon dit nie glo nie, want sy vaders het dit nie geglo nie. Het nie geglo dat Elía opgeneem is nie, so hoe gaan hy dit glo? Deur ydele teologie, soek hulle.

125 "Nou, ons is 'n skool van profete, ons het dit alles uitgewerk, ons weet net presies wat Hy behoort te doen, ons weet net hoe Hy behoort te maak, ons weet hoe Hy Homself behoort te gedra, ons weet dat die enigste ding wat jy hoef te doen, is om in te kom en

te sê: 'Ek—ek glo,' en hand te skud, en ons sal op *hierdie* manier besprinkel of *hierdie* manier doop, of agter op *hierdie* manier of buite op *daardie* manier, of," o, goeiste: "en ons het dit." Nou, dis net hoe hy maak.

126 En gaan jy voort en doop jy op *hierdie* manier en doop op *daardie* manier, en besprinkel op *hierdie* manier en besprinkel op *daardie* manier, en nagmaal op *hierdie* manier en op *daardie* manier neem, en jy vind steeds uit jy het geen God nie. Jy het 'n vorm van 'n rituele, dis al. "God is 'n Gees, en hulle wat Hom aanbid, moet in Gees en in waarheid aanbid." Amen. God stuur vir ons profete terug om die ding te verskeur, en om die waarheid uit te bring wat dit sal wys. Ydele teologie. O, goeiste!

127 Nou, ons vind uit dat hy gesê het: "Ja, ek weet waar hierdie sekere persoon is."

128 "Ons sal net afgaan en . . . " Wel, hulle, wel, natuurlik, party van hulle mag daaroor gewonder het. Maar—maar julle let net hier op, dat Jósafat, daardie ware, uitverkore dienskneg van God, gesê het: "Die Gees van God is op hom." Ja, meneer.

129 Hy het gesê, hierdie kêrel het gesê: "Ek weet waar daar Elisa is," gesê: "hy het water op die hande van Elía, die Tisbiet, gegooi. Hy wa- . . . die gees van—van Elisa is op, uh, van Elía is op Elisa. Nou, ek weet dat hy dieselfde gees het, so daarom . . . "

130 En sodra daardie man van God gehoor het dat die gees van Elía op 'n ander man rus, en hierdie man dieselfde ding gedoen het wat Elía gedoen het, hy het geweet dit was 'n ware profeet. En hy het geweet as die ware gees van Elía op 'n ander man was, sou hy dieselfde ding doen wat die Elía gedoen het.

131 En laat ek vir julle sê my broers, laat ek vir julle sê my vriende, wanneer die Gees van Jesus Christus op die Kerk kom, sal die Kerk dieselfde ding doen wat Jesus Christus gedoen het, Dit—Dit—Dit sal: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook." En Hy het dit bewys, Hy het gesê Hulle sou, as Hulle dit nie doen nie, wel dan, is daar iewers iets verkeerd. Hulle laat God net lieg, as hulle sê hulle is 'n gelowige en hierdie dinge vind nie plaas nie. En Hy het gesê laat elke mens se woord 'n leuen wees en Syne waar wees.

132 So ons vind uit hy het gesê, hierdie man het gesê: "Die gees van daardie ware, ware profeet rus op hom."

133 En toe sodra, hierdie uitverkore een, wat die uitverkore Kerk van vandag verteenwoordig, God se Uitverkorenes vir hierdie laaste dag, hy gesê het: "Dan sal ons na hom gaan luister, want die Gees van God is op hom." O, ek hou daarvan! "Solank ons daardie dinge sien wat Elía op hierdie man gedoen het, sal ons na hom gaan luister."

134 Hierdie goeie broer het gesê: "Wel, ek het baie aande uitgegaan en ek het hom gehoor, en ek weet hierdie is die waarheid, so ons sal net soontoe gaan en hom aanroep."

135 So toe hulle opgekom het voor die profeet, o, goeiste, hoe—hoe kwaad het hy geword! Dit mag soort van sy heiligmaking 'n bietjie seergemaak het, maar hy het regtig baie kwaad geraak, hy het vir Joram gesê, hy het gesê: "Waarom gaan jy nie oorkant na jou eie profete toe nie?" Goeiste! "Waarom gaan jy nie na jou mamma se profeet toe nie? Hoekom gaan jy nie oorkant na jou pappa se profete toe nie? Gaan nou maar oor na jou formeles toe, en sluit by hulle aan as jy wil. Jy's in die moeilikheid, waarom gaan jy nie oorkant na hulle toe nie?"

136 "O, nee, nee," het hy gesê: "maar die Here het ons hiernatoe gebring." Gesê: "Ons gaan—ons gaan—ons gaan sterf. Ons gaan doodgemaak word in daardie . . . "

137 Sien, jy gaan nie net sterf nie, hulle is alreeds dood, al die vrugte verdroog, en al die Gees het uit die kerk uitgegaan, dit het alreeds net 'n—'n godsdienstige organisasie geword. Dis reg. Daar's iets verkeerd. As ons God nie iewers in die kerk kan terugkry nie, wat gaan ons doen? Dan gaan ons almal vergaan.

138 En toe hierdie profeet, nadat hy hom klaar uitgeskel het, het hy gesê: "As dit nie was dat ek die teenwoordigheid van Jósafat, daardie uitverkore man, gerespekteer het nie, sou ek nie eens na jou gekyk het nie." O!

139 Ek dink dis wat God vanaand sou sê. As dit nie was . . . Julle mense wat julleself verbind het aan hierdie verskillende organisasies en met mekaar baklei, as dit nie was dat God respek gehad het vir die mense wat wel in Hom geglo het nie, sou daar nooit 'n Oral Roberts, of enigiets oor die land gestuur gewees het nie, sou daar nooit enige tekens en wonders gewees het nie. Hy sou nie eens na ons gekyk het as dit nie was . . . Almal van ons is skuldig.

140 As dit nie om die Uitverkorenes se onthalwe was nie, as dit nie om die Kerk se onthalwe was nie, hulle wat God regtig glo nie, sou Hy nie eens na ons gekyk het nie. Dis reg. Maar omdat daar 'n volk is wat wil glo, het God 'n boodskapper vir hulle. Amen. Die Heilige Gees sou 'n lang tyd gelede bedroef en weg gewees het.

141 Hierdie ou profeet het regtig sy regverdige verontwaardiging laat opkom, en hy het hulle uitgeskel, en hy het hulle vertel van al hierdie alliansies en organisasies wat hulle gehad het. Hy het gesê: "Nietemin," gesê: "bring vir my 'n siterspeler." O, hy moes sy humeur 'n bietjie laat bedaar, julle weet, hy het baie kwaad geraak, en toe het hy gesê: "Bring vir my 'n siterspeler."

142 Nou, wat van sommige van julle Kerk van Christus mense, *sogenaamd*, wat nie in musiek in die kerk glo nie? Nadat hy baie kwaad geraak het, het hy 'n bietjie musiek nodig gehad om die

Gees op hom te bring. Dis reg. Ja, meneer. En, onthou nou, God verander nie, en as die goeie musiek tóé die Gees op die profeet gebring het, sal dit dieselfde ding vandag doen. Dis presies reg, want God is lief daarvoor. Sekerlik.

143 Hy het gesê: "Bring vir my 'n siterspeler." Wel, jy sê: "Wel, ja, ek is nie die profeet nie." Maar miskien kan jy deel wees van die siterspel, jy weet, jy—jy kan bietjie daarmee help, dis al. Jy—jy het 'n getuienis of iets wat jy kan gee.

144 Ek kan hulle die siterspeler sien kry en speel: "Alles is moontlik, glo net," en die Gees terugkry, weer begin. "Glo net, glo net, alle dinge is moontlik," moes 'n bietjie speel voor die Gees op die profeet gekom het. Toe, toe die profeet gekom het, het hy gesien, toe die Gees op die profeet gekom het, liewer, het hy 'n visioen gesien.

145 Nou, dis hoe, sien, hy kon dit nie doen nie... Die intellektuele, uitverkore, groot groep van die—die hooggeplaastes, die konings, en maghebbers, aan die intellektuele, opvoedkundige kant, kon nie die visioen sien nie, dis reg, hulle was blind.

146 Dis waarom hulle, vanaand, die visioen van God 'n verstandelike toestand wil noem, 'n telepatie, 'n gees van die duiwel of iets, is omdat hulle so intellektueel is, hulle weet niks van God af nie, dis reg.

147 Dit was 'n visioen wat die waarheid vertel het, dit was God se program, dit was God se weg, want die Gees van die Here was op die profeet, en die Woord van die Here het na die profeet gekom. Ja, meneer. En hoe het dit gekom? Deur 'n visioen. Ja, meneer. Dit het gekom deur 'n visioen, nie deur intellektuele nie, dit het gefaal. En dieselfde wat dit nou gedoen word.

148 En hy het geneem, en gekyk en hy het 'n visioen gesien, hy het gedink: "Wel, dit is dit," die Gees van die boodskap. Nou, wat het hy gesien? Nou, het hy net gesê: "O, Joram, jy het nog 'n graad nodig. En ek sê vir jou, Jósafat, jy het 'n klein probleempie, so jy behoort weg te gaan en 'n rukkie langer te studeer, want ek sê jou, jy weet net nie hoe om—om hierdie dinge te doen, weet nie hoe om 'n leër te lei nie," of iets? Dit was nie dit nie, hy het nie dit gedoen nie.

149 Hy het gesê: "Ek sê vir jou wat jy behoort te doen, jy behoort jou manne op te skerp, hulle dra nie die regte soort uniforms nie, dis wat dit is. Jy behoort al jou geestelikes hulle boordjie te laat omdraai, sodat hulle soos 'n geestelike lyk, jy sien."

150 O, dit sal binnekort in Pinkster wees, ja, dit sal binnekort, reg daarin. Dit he-...Die Katolieke kerk was die eerste Pinksterkerk, onthou. Dis presies reg. Nou, julle, party van julle historici ontken dit. En gee Pinkster nog honderd-en-vyftig jaar, dit sal verder weg wees as wat die Pinksterkerk is, soos wat dit nou gaan. Dis reg.

151 O, ja, die Katolieke kerk het begin by Pinkster, en toe het hulle dit georganiseer en die groot verenigings daarin gekry wat *hierdie* en *daardie* wou doen, en die Nikolaïete het die lekedom oorwin en die—en die mag weggeneem van die lekedom daarbuite. Die Heilige Gees kan nie *daar* buite kom nie, dit moet alles *hierop* wees, wat een kêrel sê, dis al. Die Heilige Gees woon in die hele Liggaam van Christus. [Leë kol op band—Red.] . . . die Heilige Gees wat die kerk bestuur, wel, hulle het die vrugte heeltemal laat verdroog, en julle sien waar dit nou is. Wel, Pinkster het dieselfde spoor gevolg, reg af op dieselfde paadjie, so daar is dit.

152 Nou, ons vind uit toe die Gees gekom het, wat was die visioen van die—die Gees wat vir die profeet gegee is? Wat het hy gesê? Hy het nie gesê: "Nou, neem al jou soldate uit en leer hulle weer oor, dat wanneer hulle gaan om bo-op die bergtop te kom, hulle meer sal weet oor wat om te doen, hulle nog teologie sal leer, nie. Hulle behoort 'n bietjie blink te vryf, hulle behoort 'n langer mes te dra," of so-iets, of: "hulle behoort 'n ander uniform te dra." Nee, hy het dit nie gesê nie.

153 Hy het gesê: "Begin grawe. Gaan hier uit in hierdie woestyn, julle volk het eenmaal tevore hierdie woestyn oorgesteek, en hulle wou 'n—'n teologie op die Berg Sinai hê." God het dit vir hulle gegee nadat genade vir hulle 'n—'n profeet gegee het, en 'n—en 'n Vuurkolom en alles, maar hulle wou iets hê waaroor hulle moes stry, so Hy het hulle daarbuite in die wildernis laat bly totdat die ou vegters almal uitgesterf het.

154 Hy het gesê: "Hulle was eenkeer daarbuite, besig om te vergaan net soos julle. Nou, daar's kanale daarbuite, daar is baie kanale waarin daardie Rots steeds daar in die woestyn lê, maar," gesê: "julle moet 'n klomp goed uitgrawe."

155 Dis die visioen vanaand, broer, dit is nie om 'n nuwe organisasie te begin nie, dis om uit te grawe wat daarin is. Dis reg. Die eerste ding daardie ou, verrotte stomp organisasie, gooi dit uit die kanaal uit. Die kanale van God se seëninge is heeltemal verstop vanaand, organisasiestompe wat daarin lê. Dan lê 'n ander stomp daarbuite wat genoem word, genoem word: "Nie so-iets soos die Heilige Gees nie," as jy afgrawe en daardie stomp tref, gooi dit uit. "Daar's glad nie so-iets soos die doop van die Heilige Gees nie, dis net alleenlik vir die dissipels," grawe dit uit.

156 "Die Heilige Gees was net vir die apostels." Dr. Simon Petrus het gesê, op die Dag van Pinkster: "Dis vir julle, en vir julle kinders, vir hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here ons God sal roep."

157 Groot, goeie Pinksterbroer het vir my gesê, dis nie lank gelede nie, gesê: "Ons het nie meer Goddelike genesing nodig nie, ek sou dit nie eers in my kerk laat beoefen word nie." Hy het gesê: "Ons het goeie dokters en dinge vandag, in die plek daarvan."

Hmm, hmm, hmm! Sien wat—sien watter soort ou stomp daar inkom? Wat doen dit? Dit stop die vloei van die water.

158 Elisa se visioen het hom gewys dat daarbuite in daardie woestyn, net waar die vrugte verdroog het, moenie 'n nuwe organisasie begin, nog 'n reën of iets nie, maak net die kanale skoon waar die eerste reën kan vloei, die water is daar, Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. En daardie geslaande Rots was in die woestyn, en Dis nog steeds daar vanaand, dank God.

159 Jesus het dit weer vir hulle skoongemaak op Gólgota, maar hulle het reguit teruggekom, die stompe weer ingegooi, alles verstop. . . Julle weet wat dit doen om 'n stomp in 'n kanaal te gooi, wat dit doen. Wel dan, tref allerhande soorte grond hierdie stomp en spoel daarteen vas, en voor jy jou kom kry, kry jy al die water opgedam, soos die bewers maak, en maak 'n dam, en jy het niks wat daardeur sal gaan nie. Dis reg.

160 Ons het te veel bewerpredikers vandag, wat al die water probeer opdam, en sê: "*Hierdie* is ons s'n, *hierdie* is net ons hier, *hierdie* behoort aan ons." En wat gebeur daarmee? Dit word stagnant. Dis wat die probleem is met baie van ons organisasies, wat probeer om die water net vir julle organisasie op te dam, dit het gestagneer.

161 Julle weet stagnante water kry hierdie wikkelstertjies daarin. Dis wat die probleem is met die kerk vandag, 'n bietjie *hierin* wikkel en *daaruit* wikkel. Alles . . . "Dae van wonderwerke is verby. Nie so-iets soos Goddelike genesing nie." Kan nie vyf minute stilsit in 'n diens nie. O, my goedheid! Stagnante water, bewerdamme, blaas dit uit. Amen.

> Daar is 'n Fontein gevul met Bloed,
> Getrek uit Emmanuel se are,
> Waar sondaars onder die vloed gedompel,
> Al hul skuldvlekke verloor.

162 Profeet het gesê: "Gaan soontoe en grawe al daardie stompe uit."

"Wel, ek sê jou dan, Profeet, moet ons teruggaan en nog 'n magtige rukwind hê?"

"Nee."

"Sal ons nog 'n laat reën begin?"

"Nee, nee. Maak net die kanaal skoon, dis al wat jy hoef te doen."

163 Ons het die mense, maak net die kanaal skoon. Die mense is reg, kry die kanale skoongemaak sodat die Heilige Gees kan inkom. Al julle fanatismes, en ismes, en alles anders wat in die kerk is, maak die ding skoon. Die Rots is alreeds geslaan, die waters is vars, en vloei, maar ons kerklike stelsels het die strome opgedam.

164 Hy het gesê: “Maak daardie dinge skoon. Jy hoef nie nog ’n rukwind te hê nie. Jy sal geen wind hoor of enige reën sien nie, maar tog sal daar water daar wees.” O, broer! Nie ’n nuwe stelsel nie, nie ’n nuwe stelsel wat ons nodig het nie, wat ons nodig het, is om die stelsel skoon te maak wat ons het. Nie nog ’n Gemeentes van God maak, of ’n ander Eenheid nie, maar net die Eenheid en Gemeentes wat ons het, skoonmaak.

165 Kry al die stompe daaruit, al die verskille, die stry en baklei, en sulke dinge weg van hulle af, die waters sal weer begin terugvloei. Daar sal liefde wees, vreugde, vreugde soos ’n rivier, net oral oor almal vloei, net verlief op mekaar.

Ons is nie verdeeld nie,
Ons is almal een liggaam;
Een in hoop en Doktrine,
Een in liefdadigheid.

166 Dis reg, sien. Dis hoe ons dit moet doen. Dis die idee. Dis die visioen van vandag. Dit was die, dit was *daardie* profeet se visioen. ’n Ware profeet het vandag dieselfde visioen. Nie ’n nuwe—nie ’n nuwe organisasie, iets begin en ’n ander groep maak nie, julle sou dit net uitbaklei en dit organiseer en dit kry net soos die res daarvan, julle sou ook stompe daarin gooi.

167 Toe ek die eerste keer in die bediening begin het, het baie van hulle na my toe gekom, en gesê: “Wel, Broer Branham, jy behoort ’n organisasietjie te begin.”

168 Ek het gesê: “Organisasie? Ons—ons is. . .Dis waarteen ek is.” Ek het gesê: “Wat ons nodig het, is nie ’n organisasie nie, maar die ding skoon te maak wat ons het.” Dis reg, dit skoon te maak. Ons het ’n herlewing nodig, wat ons nodig het, ’n tyd van grawe. Grawe, grawe, hoe dieper jy grawe, hoe meer water gaan jy kry. As jy grawe, sê: “Wel, ek sal net uit die organisasie uitkom,” kyk na die goed wat jy steeds daarin het, kwaadwilligheid, twis, al die res, maak die sloot skoon totdat jy reg afgaan na soliede rots. Dis reg. Gaan af tot waar die water regtig uit Emmanuel se are kan kom. Wag tot jy afkom by daardie plek daar, daar sal water wees wat net soos fonteine vloei, vanaf, van daar af kom.

169 “Grawe al hierdie slote.” Hy het gesê: “Gaan hier onder in hierdie valleie in. Julle kêrels wat probeer het, om die heeltyd daar bo-op die huisdak te woon, bo-op die berg, te skree, en spring, en vries, en braai, en alles,” gesê: “wel, moenie dit doen nie, kom hier ondertoe en grawe hierdie slote hier aan die onderkant en kry bietjie vars water.” Dis wat ons nodig het.

170 Kom hier ondertoe en kry die water. Wat ons nodig het, vanaand, is die water van God. Die visioen het God se wil absoluut geïnterpreteer aan daardie sterwende, mense wat vergaan het. Die visioen, vanaand, van die Here om hierdie ding skoon te maak en nuut te begin: Maak skoon, nie ’n nuwe

organisasie begin nie, begin 'n herlewing in die organisasie. Begin 'n nuwe diens, begin om God te laat inkom. Grawe al julle ou foutvindery uit, en skinder, en hardnekkigheid, en al hierdie bygelowe, en ongeloof, gooi die ding uit.

171 "Wel, ek sê jou, maar Broer Branham, dit—dit sou *dit* beteken." Ek gee nie om wat dit beteken nie, jy sal óf grawe óf sterf. Al julle Chicago Metodiste, begin grawe; Chicago Baptiste, grawe of vergaan; Chicago Pinksters, grawe of vergaan, grawe die dinge uit, gooi dit uit. Ek sê vir julle SO SPREEK DIE HERE, tensy julle hierdie korrupsie uitgrawe wat daarin is, sal julle vergaan, en julle vrugte en kerk sal verdroog en sterf. Grawe dit uit.

172 Jy sal nie nog 'n laatreën hoor, of nog 'n vroeë reën, of wat dit ook al is nie, maar daar sal water en vrede wees soos 'n rivier, wat deur elke hart vloei. Ja, meneer. Julle sal tekens en wonders, en wonderwerke, en kragte van God sien terugkeer in die Kerk, in 'n ware, vloeiende Pinkster, wat net afkom. Ja, meneer.

173 Ja, meneer. Die Gees se boodskap: Ons sal begin grawe of begin vergaan. En hulle was alreeds besig om te vergaan, so hulle moes dit uitgrawe. Grawe dit uit, word skoongemaak, dieper, hoe meer jy grawe, hoe beter sal dit vir jou wees. Die kerklike stelsels het al die kanale heeltemal verstop, haal daardie ou stompe uit: "Dae van wonderwerke is verby. Ons het nie Goddelike genesing vandag nodig nie." Wel, ons het dit vandag meer nodig as wat ons ooit gehad het.

Julle sê: "Ons het die beste dokters." Dis reg. "Het die beste medisyne gekry." Reg. "Het die beste hospitale." Reg.

Het meer siekte. Reg. Want julle het meer ongeloof. Reg. Dis presies so. Mense net nie . . .

174 Nou, julle let op hy het gesê: "Nou . . . " Die volgende oggend, wat het hulle gedoen? Ek kan my daardie Hebreërs daarbuite voorstel wat sê: "Ek het die visioen van die Here gehoor, die profeet het die waarheid gepraat, ek gaan hierdie ding uitgrawe." 'n Ou stomp daar getref: "Wat is dit? Tien persent van my loon? Wel, ons het sopaandetes gehou om ons prediker te betaal." Grawe daardie stomp daar uit, kry dit daar uit, jy skuld God 'n tiende. Grawe haar uit, gooi dit uit aan een kant.

175 Net daarna, het hy nog 'n klein stompie getref: "O, wat's dit?" "Wel nou, moet jy nie aan die diep kant afgaan nie." Trek daardie ding uit en gooi dit uit, dis wat jou aan die vlakkant laat beland het. Ja, meneer. Gooi die ding uit. Hoe dieper jy grawe, hoe meer water sal jy vind. Hou net aan grawe in die pakhuis van God, om die ding uit te gooi totdat jy kom by waar jy kan volmaak met ware waters van die Lewe.

176 Toe omtrent teen daglig, het hulle toevallig opgelet, dat die waters gekom het en hulle nie geweet het waar dit vandaan gekom het nie. Dit was die heeltyd daar, hulle het dit net verstop.

Daar's krag in die Kerk. Ek kan julle sê, en ek sal vir enige prediker sê, ek kan julle wys waar God die Kerk krag gegee het om die siekes te genees, duiwels uit te dryf, en al om al hierdie dinge te doen. En nou kom plaas jy jou vinger op die Skrif waar Jesus gesê het: "Nou, Ek neem dit nou weer weg van die Kerk af."

177 Wel dan, wat het gebeur? Wat is die probleem? Julle het dit verstop, jou eie selfgemaakte idee daarvan het dit verstop. Ek kan julle sê waar Jesus belowe het in hierdie laaste dag, en julle wys dat hierdie tekens wat julle sien wat gedoen word, dat die Gees van God in die Kerk sou kom en visioene wys, ensovoorts soos daardie, soos Hy doen, en probeer jy—jy dit eenkeer weerlê en vind uit waar jy is.

178 Die rede vir die dinge is, julle is heeltemal verstop met te veel kerklike stelsels in julle, dis alles verstop. Grawe die ding uit, en gooi dit weg, en laat die waters begin vloei.

179 Omtrent tyd dat die dag begin breek, o, broer, die waters vloei vrylik, wat van daardie geslaande Rots af kom wat steeds daarbuite in die woestyn was. Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, enigste ding wat jy moet doen, is om al die ou stompe uit die pad uit te kry.

180 Kry al die ou ongeloof uit die pad uit, tel daardie ongeloof op en gooi dit weg, sê: "Wel nou, luister, Jesus het dit belowe, en ek gee nie om wat enigiemand sê nie, ek glo dit." Dis reg. Neem die stomp en gooi dit uit, sê: "God het dit belowe, ek sien dit reg hier voor my, ek het altyd daarmee gespot, ek het gedink dit was verkeerd, maar nou gaan ek dit glo, so ek gaan hierdie ou stomp kry en dit uitgooi." En sodra jy daardie stomp uit die pad uitkry, sal die soet waters van vrede van God begin vloei, soos 'n rivier, sal dit deur jou vloei.

181 Jy sê: "Wel, ek—ek het altyd gewonder oor genesing." Hier is wat ek mense vind, genesing: Wanneer God hier kom en Homself bewys om net hier onder julle te wees, weet julle wat dit is? Julle reik uit, julle probeer geloof toepas met 'n orgidee, geloof word aangewend met onkruid, hissop. Hissop is net gewone onkruid.

182 Jy probeer 'n geloof opwerk, jy kan nie 'n geloof opwerk nie. Geloof is so alledaags, dis dieselfde geloof waarmee jy water gaan drink, dieselfde geloof waarmee jy—jy jou motor bestuur. Sien, dis net alledaags. Jy. . .Wel, hissop, jy kan dit vind waar dit in die grond groei, buite in die krake van die gebou, oral. En toe hulle die bloed met hissop aangewend het, het hulle geloof aangewend.

183 Jy wend geloof aan met net all-. . .wend die Bloed aan met net alledaagse ding, soos onkruid-geloof. Maar julle probeer oral rondkyk en sê: "As ek net 'n orgidee kon vind om my, wat ek glo in Jesus, aan te wend! As ek net ooit kon uitreik en 'n orgidee in die hande kry!" Jy het nie 'n orgidee nodig nie, neem die onkruid

wat reg langs jou is. Neem die geloof waarmee jy huis toe gaan, neem die geloof wat jou hiernatoe gebring het. Wend daardie selfde ding aan vanaand, en kyk wat sal gebeur, o, broer, daar sal nooit 'n twyfel in jou gemoed wees nie, as dit regtig is, die Bloed aangewend word deur daardie soort geloof, gee ek nie om nie.

184 Jy sê: "Jesus Christus is dieselfde gister en tot in ewigheid. Ek gooi al die ou stompe van kerklikheid en alles, uit my stelsel uit, net hier nou, en Here God, deur net gewone geloof dat ek glo dat U my Verlosser is, is U my Geneser." Amen. Amen. Glo dit so, en voel net vrede soos 'n rivier. Die groot strome van daardie Fontein wat nooit opdroog nie, daardie Fontein sal net afstort, wanneer jy al die ou stompe uitkry, net aanhou grawe.

As jy iets daarin tref wat jou laat. . . As jy iets verkeerd gedoen het, sê: "Ek—ek skuld *So-en-so* 'n bietjie geld." Wel, gaan betaal dit.

185 Jy sê: "Wel, ek kan hom nie betaal nie." Gaan vertel hom dan daarvan. Dis reg. Moenie agteraf daaroor wees nie, gaan vertel hom. Sien? En sê dan vir hom, sê: "Ek sal dit regmaak, Broer, gee jy my net 'n bietjie tyd. Ek is van plan om dit reg te maak."

"Wel, ek sê jou wat, ek het gespot met daardie mense wat Pinksters genoem word."

186 Staan op en sê: "Ek's jammer ek het dit gedoen." Dis reg. Sê: "Here, U ken my hart. Mense, vergewe julle my." En jy sal daardie ou stomp voel uitgaan, nog 'n bietjie water sal begin invloei, o, goeiste, net begin inrol.

187 Die eerste ding waarvan jy weet, sê: "Ek het altyd gedink daardie visioene was van die duiwel, maar ek sien nou hulle is van God." Goed, dan sal daardie ou stomp weggaan, dan sal die waters weer begin vloei. Dis reg. Kry net alles uit die sloot, die water is daar. Glo julle dit?

188 Die Bybel het gesê: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." So Hy is steeds daardie geslaande Rots, Hy het steeds die Lewe, het steeds die water, Hy het die genesingskrag. Julle sê: "Broer Branham, sal Jesus my genees?" Hy het dit alreeds gedoen, kry net die stompe uit die pad uit.

189 Kry al die gemors, en ou emmers, en reënbakke, *phhh, hmm*! Kry al daardie goed uit die pad uit. Ou, dooie perde, en kerklike dinge wat in jou pad lê, gooi die ding daaruit, God gaan nie inkom op enige kerklik-. . . dit sal die water besoedel. En die water gaan nie besoedel word nie, so jy kry net jou eie besoedeling uit, van ongeloof, en God sal die water ingooi, dis alreeds daar, enigste ding wat jy hoef te doen is net om die oorsaak te beweeg, die genesing is alreeds gedoen.

190 God het jou alreeds genees, jy moet net jou ongeloof uit die pad uit kry; dis die visioen. Ek sê dit in die Naam van die Here,

dieselfde as wat Elisa dit daardie dag gesê het, SO SPREEK DIE HERE, kry julle ongeloof uit die pad uit, kyk wat sal gebeur.

191 Kry julle stelsels uit die pad uit, kyk watter herlewing Chicago sal tref. Kyk watter herlewing die wêreld sal tref, as ons ons stelsels uit die pad uit kry. Kry ons eie idees uit die pad uit en laat... Die Gees is alreeds... Die Rots is alreeds geslaan, die enigste ding wat ons moet doen, kry net die dinge uit die pad uit en laat dit vloei. Wil julle sien dat mense genees word? Wil jy self genees word? Kry net al die twyfel uit die pad uit, en kyk dan wat gebeur, dit sal vloei soos 'n rivier.

192 Toe die volgende oggend, het die vyand opgekyk, en hy het daar oorkant gekyk, en toe hy het, was dit water, maar vir die vyand, die manier wat die son geskyn het, het dit net soos bloed gelyk, en dit het hom bang gemaak. Dis reg. En dit het een of ander klein, lawwe gedagte opgewerk in sy gedagte, hom reg daarin vasgevang.

193 Wat het die profeet vir hulle gesê? Gesê: "Wel, nou, hierdie is 'n klein dingetjie vir die Here. As julle almal net al die stompe uit die pad uit kry, sal ek vir die res daarvan sorg." As jy sal kry—as jy al die ongeloof uit die pad uit kry, sal God vir die res daarvan sorg.

194 Weet julle wat gebeur het? Hy het gesê: "Elke man, tel vir jou 'n rots op. En Ek gaan vir julle die land gee, Ek gaan julle dit in besit laat neem." En elke man het 'n rots geneem en toe hy daar oorkant gekom het waar daardie ou formele putte was, het hy 'n goeie rotsgetuienis gehad. Amen. "Prys God! God het my die Heilige Gees gegee. Ek's—ek's soos Simon, ek's nou Petrus, 'n klein rotsie." Amen. En elkeen kry sy eie rots in sy hand, 'n ware getuienis, van 'n ware, vurige getuienis!

195 Toe Jesus voor Petrus gekom het, gesê het: "Jou naam is Simon. En van nou af, sal jy Petrus genoem word, wat 'klein rotsie' is." Broer, hy het dit opgetel, hy het geweet Dit was die Messias, daar het hy gegaan en hy het formele putte daarmee verstop.

196 En wat ons vanaand nodig het, is om daardie selfde soort getuienis te kry, om te weet dat Jesus Christus lewe en Hy... Dit sal al hierdie ou formele getuienisse stop, wat sê: "Die dae van wonderwerke is verby. Daar is nie so-iets nie." Daardie ou stukkende reënwaterbakke, in elk geval, wikkelsterte in hulle, dit sal hulle stop.

197 Jy gooi daardie rots van getuienis daarbuite: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid," kom in die Gees, jy moet in die Gees kom.

198 As jy na 'n dans toe gaan en begin dans, hulle hulle hande begin klap, al daardie danse doen, jy daar oorkant staan, en sê: "Hum, um-hum." Al jou... Sou jy nie 'n danser wees nie?

"Sekerlik. Ja." Jy's *beslis* in die gees daarvan. Nee, hulle sweep dit op, en dans, en skree, en roep uit.

199 Dis hoe jy 'n herlewing kry. Dis wanneer jy regtig in die Gees van herlewing kom, nie om dit op te sweep, of iets nie, maar deur dit af te bid, totdat daar 'n herlewing jou hart tref, totdat al die stompe van kerklikheid, en al die stompe van fanatisme, en al die stompe van stelsels, en al die stompe van ongeloof uitvloei, en dan val die waters van God op jou af. Daar het julle dit.

200 Dan jou getuienis dan: Jy sal nie sigarette agter die huis rook, en hierbuite vanaand, rondspring in die kerk, en sê jy het die Heilige Gees, nie. Jy's 'n klinkende metaal en 'n luidende simbaal, mense weet dit. Wanneer julle hier uitkom met al hierdie soort lewe, die vroue wat hulle hare afknip, en hulle lippe verf, en sê: "Ek's Pinkster." O, julle arme, ellendige . . . ? . . .

201 Party van julle predikers met diakens in julle kerk, met vier of vyf verskillende vroue en sulke dinge, sê: "Ek's Pinkster." O, o, o, o, o, o, o! Die wêreld weet beter as dit, hulle is slimmer as dit. Ja, meneer. O, goeiste!

202 Gaan hier uit, wed op perdewedrenne en alles anders, en noem dan jouself, en baie van julle sal by die huis bly en na 'n televisie luister voordat hulle na 'n biduur toe gaan, en sê: "Ek's Pinkster." O, o! Jy word net Pinkster *genoem*, jy het nie die *ondervinding* van Pinkster nie. Die Kerk is die eerste ding in jou hart, broer. Dis alles in alles, is God, God, dis al wat jy kan sien en van weet, is God.

203 Dis die groep wat *sogenaamd* Pinkster is, en gesê het: "Ag, nou daardie goed is onsin, jy moet dit nie glo nie." Sien? Maar die visioen van die Here kom deur die Woord van die Here. Grawe dit alles uit, grawe al daardie ongeloof uit sodat die waters van die Lewe vrylik kan invloei, en dit alles sal stop hier wat sê: "Die dae van wonderwerke is verby." Laat die Kerk regtig terugkom.

204 Sê: "Die Pinksters is niks anders as net 'n klomp skyngeloof nie." Gaan jy reguit ondertoe en grawe af tot jy die rotsbodem tref, laat 'n Pinksterondervinding met jou gebeur en kyk wat gebeur, broer, daar's niemand wat 'n vinger op jou lewe kan lê nie. Ja, meneer. Jy's reguit soos, uh, reguit geweerloop, en jy's 'n ware heer, jy's 'n ware man van God, jy's 'n ware vrou van God.

205 Wanneer jy verseël is deur die Heilige Gees, is die seël aan beide kante van die papier, hulle kan jou sien kom, jou sien gaan. Hulle sal weet dat jy lyk soos, maak soos, praat soos, en—en—en assosieer soos, en jy is 'n Christen, wanneer jy verseël is deur die Heilige Gees. Jy . . . God is gereed om dit te doen, as ons gereed is om Hom dit te laat doen. Glo julle dit?

206 Nou, wat is die volgende ding om te doen? "Is die volgende ding, Prediker, vir jou om hande op my te kom lê?" Dit het niks daarmee te doen nie, dit mag maak, jou aanspoor met 'n ietsie, maar dit—dit is nie dit nie. Die ding om te doen, broer, is om

God se Woord te aanvaar en te sê: "Dis die waarheid en ek glo Dit. En ek het ou stukke hierbinne gekry, ek gooi net nou uit, my ongeloof, en ek sorteer dit uit met God, ek gaan glo." Glo vir jou verlossing.

207 Nou, nou, ek kan jou nie vertel van jou verlossing nie, jy moet dit self uitwerk. Maar Christus lewe en regeer steeds. Hy's hier vanaand. Glo julle dit? Wat moet jy, doen? Kom in die Gees, en wanneer jy in die Gees kom, dan sien jy die visioen.

208 Maar solank jy sê: "Wel, prys God, ek's Metodis. Ek hoef my nie daaraan te steur nie." "Ek's Baptis." "Ek's Gemeentes." "Ek's Eenheid." Goed, gaan voort, jy sal nooit die visioen sien nie. Maar gooi jy daardie ding eenkant toe en kom in die visioen, sien Jesus wat kom en die kerk wat hier vergaan, en in die visioen ingaan, reguit afgrawe, broer, ek sê jou, dan sal daar iets met jou gebeur, sal jy in die Gees van herlewing kom. Glo julle dit?

Laat ons dan almal in die Gees kom en dit glo. Laat ons ons hoofde buig terwyl ons Hom vra om vir ons die visioene te gee.

209 Hemelse Vader, ons is in 'n verganklike land, ons is in 'n verganklike nasie, ons is in 'n verganklike wêreld, en preek vir verganklike mense. En ek's 'n, ek's net 'n man, en hierdie ander predikers is net mense, maar U is 'n onverganklike God.

210 Ek bid U vanaand, Here, dat hierdie boodskap wat ek gespreek het, en my senuweeagtige ses maande van aangaan en gespanne wees, ek mag dit nie net reg gesê het nie, Here, maar as ek—as ek nie het nie, laat U die Heilige Gees dit net uitstryk en al die plooie uithaal, God, net soos U met Abraham gedoen het. En gesê hy, ons weet hy het sy verbouereerdhede gehad, en hy—en hy het gewankel, en, maar toe die Goddelike kommentaar van sy lewe geskryf is, wel, het dit gesê hy het nie getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie, maar was sterk, het God geprys.

211 So Here God, al my wankelinkies, en verkeerd gespelde woorde, en verkeerd uitgespreek, ensovoorts, laat die Heilige Gees dit net uitstryk, en sit 'n ware Goddelike kommentaar in elke hart van hierdie boodskap vanaand, wat ons lewe.

212 En daar is nog steeds 'n dienskneg van God, daar is nog steeds mense wat God liefhet, en daar is 'n God Wat in hulle geïnteresseerd is, en daar is 'n Verlosser wat tweeduisend jaar gelede geslaan is, Wat ter wille van ons oortredinge deurboor is, ter wille van ons ongeregtigheid verbrysel is, die straf wat vir ons die vrede aanbring op Hom, en deur Sy wonde daar vir ons genesing gekom *het*, dieselfde Verlosser wat gesê het: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen."

213 God, mag elke ou stuk beweeg word, en elke ou geroeste emmer, en dinge uit die pad uit beweeg word vanaand, en mag die waters van die Lewe vrylik vloei. God dop my om en was my en maak my skoon, Here, en vul my net nou met U Gees. En vul

hierdie mense hierbuite met geloof, dat as daar een hieronder sou wees wat nie glo nie, dat hulle mag sien en glo, omdat ons dit vra, in Jesus' Naam. En mag die . . . hulle dan, elkeen, in die Gees kom en ons almal gevul word met die Gees, en almal genees en gered word vanaand. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

> Daar is 'n Fontein gevul met Bloed,
> Getrek uit Emmanuel se are,
> En sondaars onder daardie vloed gedompel,
> Verloor al hulle skuldvlekke.
> Verloor al hulle skuldvlekke,

Laat ons net ons hande opsteek, terwyl . . .

> . . . al hulle skuldvlekke;
> En sondaars onder daardie vloed gedompel,
> Verloor al hulle skuldvlekke.

Laat ons nou ons hoofde buig.

> Die sterwende . . . [Broer Branham neurie—Red.]

214 O Vader God, ons sterf nou van al ons ongeloof. Skep in ons 'n—'n begeerte om nou te grawe. Ons grawe, Vader. Ondersoek my en toets my en kyk of daar enige ongeloof in my is, Here, as daar is, help my om dit net nou uit die pad uit te kry. Help my om hierdie, die kanaal skoon te maak, sodat die krag van God kan deurvloei.

215 Help hierdie gehoor net nou, Here, ek bid vir hulle. Ek bid dat U elke kanaal skoon sal laat wees. Maak elke kerk skoon wat hier verteenwoordig is, Here, almal van hulle, van een organisasie na 'n ander, maak al die ongeloof skoon, Here. Maak dit skoon van al die stelsels van die wêreld, mag die soet gemeenskap van die Heilige Gees inkom deur die kanale van God, wat hierdeur vloei vanaand, bring vars openbaring, die Woord van die Lewe, mag Dit vanaand uitgaan, in elke siel hier.

216 En ek weet U is hier, Here. En hulle kyk na my as U siener, as U gelowige, vir iemand om 'n voorbeeld te maak. En Vader God, ek bid dat U my sal help vanaand, dat die Heilige Gees 'n vrye toegang tot my siel mag hê, en my hart, my lewe, my oë, my wese, nie net vir my nie, maar vir elke persoon hier, dat diegene wat nie glo nie, die Gees kan sien werk deur gelowiges en sê: "As dit, daardie water kan vloei uit daardie geslaande Rots deur hulle, kan dit deur my, ook." Skenk dit, Vader. Ek vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

217 En Vader, ek bid dat U my broers hier sal seën, agter my, hierdie kosbare manne, party van hulle het die Evangelie gepreek toe ek 'n sondaar seun was, God, skenk vanaand, party van hierdie manne wat hier sit, was 'n lang tyd op die veld, hulle is krygers, hulle het littekens.

218 Baiekeer lei stelsels mense, partymaal, om . . . maar onder in hulle hart Here, wil hulle—hulle—hulle die beweging van God sien. Dan vind ons uit dat die duiwel nie *een* ding doen nie, hy 'n *ander* sal doen, en dan sal hy iets opmors, of iets optel, en dit laat hulle soort van 'n bietjie terugtrek. Vader, mag elke hart oopgemaak word, vanaand, vir die ware Fontein.

219 Nou, God, ek kan praat, ek's net 'n man, ek kan, mag enige soort stelling maak, mag dit reg laat klink, maar steeds sou dit nie U wees nie, net 'n Woord van U sal dit bewys, Here. U het gesê: "As daar een onder julle is wat 'n—'n profeet is of geestelik, sal Ek die Here met hom praat, vir hom visioene wys, met hom praat in drome. En as wat hy sê, gebeur, luister dan na hom, maar as dit nie gebeur nie, moenie daardie man vrees nie, want Ek is nie met hom nie, maar as dit gebeur, dan hoor julle dit."

220 Nou, Vader God, ek het dit bewys, of, vanaand deur die Skrifte en elke aand, dat U Christus is, U is—U die Seun van God is. En U is geslaan om ons sondes en ongeloof weg te neem, dat U Eie Lewe deur ons mag vloei. Nou sê ek vir die mense dat U aan die regterhand van die God sit vanaand, Omhoog, daarbo op die Troon, 'n Hoëpriester wat geraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Skenk, Here, dat daar baie bloedvloeiings sal wees vanaand, wat gestop sal word, as gevolg van die ongeloof wat uitvloei. Want ek vra dit, in Christus' Naam. Amen.

221 Ek glo nie ons het 'n gebedskaartjie gehad na verlede Sondagmiddag nie, die beste wat ek onthou, het ons nie 'n gebedsry uitgeroep nie. Maar elke aand, het die Heilige Gees reguit uitgegaan onder die mense. Hoeveel weet dat dit waar is? Tien, vyftien, sovoorts, in 'n aand, oral daar, mense sonder julle gebedskaartjies.

222 Ek voel soort van skuldig om nie party van daardie kaartjies op te neem nie. En ek weet ek's net 'n bietjie laat, maar ek het gisteraand gesê, ek was weer laat, ek het gesê: "Môre-aand sal ons 'n paar gebedskaartjies probeer uitgee." En Billy, ek het hom gestuur vanaand, en vir hom gesê: "Gee 'n paar gebedskaartjies uit." So hy het hulle uitgegee.

223 Hy het vir my gesê hy het B uitgegee, een tot vyftig? Een tot 'n honderd? B, een tot 'n honderd. Goed. Hulle het daarrond begin. Waar was ons, ons het die ander keer begin, ons het van een af begin die ander keer, het ons nie? O, ja, ons het twee aande gehad, ek's jammer. Volgende keer wat ons B begin het, het ons begin tagtig, een tot—een tot vyf-en-twintig, en toe het ons begin van vyf-en-tagtig tot 'n honderd.

Wel, laat ons dan in die middel begin, vanaand. Kom ons begin van vyf-en-twintig tot—vyf-en-twintig tot vyftig, sal ons sê. Hoe sal dit wees?

224 Wie het B, vyf-en-twintig? Steek jou hand op. Een of ander vrou daar? Kom reguit hiernatoe, dame. Vyf-en-twintig, ses-en-twintig? Goed, dame, kom hiernatoe. Hulle is oral in die gebou.

225 Nou, wanneer die seun kom om hierdie kaartjies te gee, kom hy en skommel hulle voor julle, sodat hy jou net 'n kaart gee, waar dit ook al is, en ons roep hulle van iewers af. Julle sien, die, niemand weet waar hierdie gaan begin nie, ons begin net van een plek na 'n ander.

226 Nou, waar het...? Vyf-en-twintig, was dit nie? Ses-en-twintig? Vyf-en-twintig, ses-en-twintig, wie het ses-en-twintig? Goed, ses-en-twintig, net hier. Sewe-en-twintig. Wie het gebedskaartjie nommer B, sewe-en-twintig? B soos in—in Boston, sewe-en-twintig. Goed, agt-en-twintig, wie het agt-en-twintig? Ek sien nie die hand nie, asseblief. Nege-en-twintig? Dertig? Een-en-dertig, wie het een-en-dertig?

227 Ek wens julle wil net wag tot ek julle nommer noem sodat ek seker kan wees. Want iemand is doof, of iets, hulle sê: "Broer Branham," hulle skryf vir my 'n kaartjie: "my—my nommer is genoem, maar ek was doof en niemand het my gesê nie en jy—jy het gedink, hulle het gesê jy het gedink ek is weg." En mag-... "Ek—ek was kreupel, ek kon nie eens my hand opsteek nie, en—en niemand het my opgeneem nie." Sien? "En daar is nie eers vir my gebid nie."

228 Daar word wel vir jou gebid, skatlam, daar word vir jou elke aand gebid. Jesus tree, net nou, in vir jou, aan die regterhand van die Majesteit, en Hy wil net hê jy moet Hom glo.

229 Goed. Waar was ek? Ses-en-twintig? Een-en-twintig, -twee? Hoe...? Waar—waar, Broer? Een-en-dertig. Twee-en-dertig, twee-en-dertig. Goed. Drie-en-dertig. Vier-en-dertig. Vier-en-dertig. Ek sien dit nie, dertig—vier-en-dertig. Gebedskaartjie nommer vier-en-dertig. As jy die kaartjie kry...Kyk iemand rond, miskien is iemand doof, stom, of kan nie opstaan nie. Vier-en-dertig, ek wil dit nie mis nie. Miskien het hulle uitgestap. Vier-en-dertig, vyf-en-dertig. B, vyf-en-dertig. Goed. Goed. Vier-en-dertig, het vier-en-dertig al ingekom? Vier-en-dertig, B, vier-en-dertig. Vyf-en-dertig was daarbinne. Ses-en-dertig.

230 Moenie bang wees nie. As jy sondig, bely dit, en, dit verkeerd doen, en dit sal bedek wees deur die Bloed wanneer jy hier kom. Julle weet wat gebeur wanneer jy hier kom as jy onbelyde sonde het, nie waar nie? Wel, moet dan nie die kaartjie neem nie. Bid eers, neem dan die kaartjie. Sien?

231 Goed, laat ons dan die gebedsry begin. Goed. Ek weet nie, hoeveel het julle daar? Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt. Drie is 'n getuie. Dit sal goed genoeg wees. Goed.

232 Wat van julle daarbuite wat nie 'n gebedskaartjie het nie? Laat ons jou jou hand sien opsteek. Jy's siek en wil hê God moet jou genees. Enige plek in die gebou, ek gee nie om waar jy is nie.

Wat sê? Ses-en-dertig, sewe-en-dertig, agt-en-dertig, nege-en-dertig, veertig. Daar kom twee daaruit. Veertig tot vyftig. Drie. Nog een. (Dink ek doen verkeerd, nie waar nie? Ek behoort net te preek en 'n altaar-oproep te roep.) Goed. Goed, laat ons nou die gebedsry begin, as julle sal.

233 Almal baie eerbiedig, almal net so eerbiedig as wat jy nou kan wees. Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig. *Glo Net*, Broer, as jy sal.

Net. . .

Was 'n baie harde boodskap, vanaand. Ons wil hê die Gees moet nou kom.

. . .glo net,

234 Nou, terwyl hulle kom, wil ek graag dit vra: As—as Christus Homself hier kan bewys, hoeveel van julle sal Hom glo met julle hele hart, sal jy elke stukkie uitgooi? Is daar enigiemand wat nog nooit tevore in een van my dienste was nie? Steek jou hand op. Was nog nooit in een van my dienste nie. Dis 'n goeie ding dat hulle nie almal dieselfde aand kom nie.

235 Goed broers, bid julle almal vir my, sal julle?. . .?. . .[Broer Branham praat met die broers op die platvorm, baie van sy woorde is ononderskeibaar. Leë kol op band—Red.]

236 My broers, ek het hulle net gevra, hierdie groep agter my, ek daardie groep daaragter sal laat bid, moet iets plaasvind, regte egte manne van God.

237 Nou hê julle net geloof. Wel, ek reken die toneel sou vanaand begin. . .Ek—ek wil eers vir julle mense sê, elke aand was dit soveel, ten minste glo ek nie ons het 'n aand gehad nie, as ons ten minste agt, of tien, of vyftien definitiewe gevalle net regoor die gebou gehad het. Is dit reg? Al julle mense wat hier was? Sien?

238 Nou, aan julle nuwelinge, nou, ek maak nie aanspraak om 'n Goddelike geneser te wees nie, ek glo nie daar is so 'n persoon op aarde nie, ek glo dat Jesus Christus die Geneser is. En Hy—Hy het alreeds alles vir jou gedoen wat Hy kon doen, want toe Hy destyds daar geslaan is, was Hy daardie Rots. Glo julle dit? Hy was die Vuurkolom, die EK IS. En Hy. . .Die enigste ding wat ons moet doen, is om net die verstoppings uit die pad uit te kry. Glo julle dit nie? Wel dan, Hy het alreeds elke siek persoon hier genees, elke persoon is alreeds genees, elke sondaar is alreeds gered, maar, broer, jy beter dit aanvaar, en, vir jou genesing.

239 Kyk net hier, ons het 'n vrou hier gehad nou die aand, wat getuienis gegee het. Wel, hulle het haar daar na die tabernakel toe gebring, nie lank gelede nie, en daardie vrou was ver uit soos *hierdie*, sy kon nie eens loop nie, met 'n gewas. Mans moes haar dra en haar op die trappe sit. Ek het nie vir die siekes gebid daardie aand nie, en sy het my aan die broekspyp gegryp, ek glo dit was, uitgegaan, en omgedraai met SO SPREEK DIE HERE.

240 En daardie vrou was nou die aand hier, net so plat en normaal as wat sy kan wees. Sien? En almal . . . O, goeiste! Ons probeer nie . . . Ek—ek adverteer dit nie buite, en dinge, en gaan aan soos daardie nie. Want, baiekeer, het Jesus gesê . . .

241 Ek dink wat die probleem vandag is, ons maak Goddelike genesing te veel van 'n glans. Sien? Dis nie 'n glans nie. Dis waarom ek julle vertel het, en ek glo met my hele hart, Chicago sien hierdie vir hulle laaste keer. Sien? Ek glo dit. Ek glo die res van die volk, ook. Ek gaan weg, sien, so ek—ek glo. En onthou julle, onthou julle wat Hy gesê het, Hy het vir my gesê wat ek vir julle gesê het.

242 Ek het nog nooit enigiets vir julle in die Naam van die Here vertel, behalwe wat gebeur het net soos dit gesê het nie. Ek vra julle dit nou. Sien? Wel dan, glo julle my. Christus het jou alreeds genees, jy moet dit aanvaar. Maar nou, wat as Hy hier gestaan het met hierdie pak klere wat Hy vir my gegee het, hierdie pak gedra het? Nou, as jy na Hom toe sou kom, sê: "Here, sal U my genees?"

243 Hy sou sê: "Gooi die stompe uit die pad uit. Ek probeer My pad deurdruk na jou toe, maar jou ongeloof is wat jou keer."

244 Nou, hier—hier's, aan julle nuwelinge, hier's 'n—'n Bybeltoneel, Jesus in die sewe- . . . 4de hoofstuk van Johannes, het na 'n vrou toe gekom by die put, genoem die . . . 'n vrou van Samaria. Almal van ons is bekend met daardie storie. En hoe het Hy Homself aan haar bekend gemaak as die Messias? Wat het Hy gedoen? Hy het gesê . . . die vrou het vir Hom gesê, gesê . . . Hy het vir die vrou gesê: "Bring vir My water om te drink." Hy het kontak gemaak met haar gees.

245 Sy het gesê: "Die water . . . put is diep en U het niks om mee te skep nie." En sy het gesê . . . Hulle, wel, het toe begin praat oor godsdiens, sy wou oor godsdiens praat: "Ons aanbid in hierdie berg, sê U by Jerusalem, want . . ." Gesê: "Ons—ons behoort nie saam te assosieer nie, want U is 'n Jood en ek is 'n —'n Samaritaan."

En Hy het gesê: "Vrou, gaan, kry jou man, en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek het nie enige man nie."

Gesê: "Jy het reg gesê. Jy het vyf gehad, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie jou man nie."

246 Nou, wat het die bediening daarvan gesê in daardie dag? Nou, wanneer ek sê *bediening*, verwys ek nie na hierdie soort *predikers*, daardie broers, een van hart met my nie. Ek bedoel die bediening wat spot hiermee, en sê daar's niks daaraan nie, nie die organisasies wat my ondersteun nie, hulle wat het, wat 'n stelsel van God daarin het, nie. Maar dis hierdie wat nie . . . wat hierdie ding ontken, is waarvan ek praat, sien, die ontkenning daarvan, die een wat sê: "Daar's niks daaraan nie, dis van die duiwel." Dis dieselfde wat hulle destyds gedoen het.

247 Maar daardie ou, prostituut vroutjie, sy het gesê: “Meneer, ek sien dat U ’n Profeet is. Nou, ons weet, ons word geleer, ons weet dat wanneer die Messias kom, Hy vir ons hierdie dinge sal vertel.” Nou, hoeveel weet dis waar? Dis reg.

Hy het gesê: “Ek is Hy wat met jou praat.”

248 En sy het in die stad ingehardloop en gesê: “Kom,” het vir daardie manne gesê—het gesê, gesê: “kom, sien ’n Man Wat vir my die dinge vertel het wat—wat ek gedoen het. Is Dit nie die einste Messias nie?” En die Bybel het gesê die hele stad het aan Jesus geglo, Hy het dit nooit weer gedoen nie, Hy het dit net daardie een keer gedoen, want die vrou, daardie prostituutvrou, het vir hulle gesê dat Jesus vir haar gesê het dat sy saam met die verkeerde man lewe. En die hele stad het geglo dat Hy die Messias was, want dit was die teken van die Messias.

249 Nou, as julle dink dat teologie die teken van die Messias is, en—en dis ’n—en dis ’n groter teken as *hierdie*, Jesus het gesê: “Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen,” en jy sê die verkondiging van die Evangelie is die groter werke, goed, dan kom jy hiernatoe en doen die kleiner werke. Hier’s die platvorm, help jouself. Kom hier op, en gaan af deur hierdie gebedsry, laat die Heilige Gees daar uitbeweeg in die gehoor, oor jou. Laat ek jou *daardie* werke sien doen en *dan* die Evangelie gaan preek; dan doen jy, doen groter werke.

250 Jesus kon nie die doop van die Heilige Gees preek nie, want Dit het nog nie gekom nie. Dis ’n groter werke, en dit is beslis. Die Kerk moet die doop van die Heilige Gees preek, Jesus het gesê dit sou kom, maar die Kerk het dit, en sê: “Ons het dit, en dis vir jou.” Sien? So dit was ’n *groter*, dit is waar. Maar *dieselfde* werke wat Hy gedoen het: “Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen.”

251 Nou, hier’s ’n vrou wat ’n vreemdeling vir my is. Ons is vreemdelinge vir mekaar. Nou, sodat die gehoor kan verstaan. Nou, hou die dame dop. Ek ken jou nie, ons is vreemdelinge vir mekaar, hierdie is ons eerste ontmoeting. As dit so is, steek jou hand op.

252 Nou, hier ontmoet ’n man en ’n vrou weer. Ek het geen idee meer wat, wie daardie vrou is, of waarvoor sy daar is, of, as niks meer as niks nie, sy is ’n totale vreemdeling.

253 Nou, ek mag hier staan en sê, soos, ons het baie sielkunde, wat sê: “Die Here sê vir my iemand het ’n rugprobleem.” Sekerlik, baie van hulle daarbuite het rugprobleme. “Het senuweeprobleme.” Sekerlik, groot klomp van hulle. Sien?

Wie is dit? Waar is? Waar het dit vandaan gekom? Wat het dit veroorsaak? Wat gaan daarmee gebeur? Dis die volgende ding, sien, dis iets anders.

254 As ek hierdie vrou hiernatoe sou bring, sê: "Die Here het my gestuur om vir die siekes te bid. Laat ek hande op jou lê, jou salf met olie. Glorie aan God, jy gaan genees word," sy het 'n reg om dit te glo, dis waar. Maar sy kon dit betwyfel, aan my ondervinding, of ek haar die waarheid vertel of nie, sy mag dit betwyfel. Maar wanneer die Heilige Gees kom en deur my lippe praat en haar iets vertel wat sy *was*, wat die kinkel daaruit haal net daar. Sien? Want sy weet ek ken haar nie. En ons het albei ons hande opgesteek na God, ons ken nie mekaar nie. Nou, daar's die Evangelie. As dit nie die Evangelie is wat Christus gehad het nie, as dit nie was . . .

255 Jy sê: "Broer Branham, jy sê jy's die Messias?" Nou, as jy dit dink, wys dit jy het geen geestelike onderskeiding nie. Sien? Hoe kan ek 'n Messias wees? Ek is William Branham, sondaar gered deur genade, Jesus Christus is die Messias, maar Sy Gees is lewendig in ons, die Heilige Gees.

256 En party van julle mense wat dit nie wou glo nie, hierdie Ding wat hierdie mense laat huil, en skree, en in tale praat, daardie selfde Gees, die By- . . . Paulus het gesê: "As een onder julle kom, julle almal in tale praat, sal hulle sê julle is mal, maar laat een 'n profeet wees en die verborgenhede van die hart openbaar, en dan sal hulle neerval en sê: 'God is met julle,'" wel, sien, Dit—Dis 'n Pinkster Gawe, broers, Dis 'n, Dis—Dis net, Dis—Dis net Iets wat by die Kerk gevoeg is. Hoe die Baptiste en Metodiste julle broers beveg het oor praat in tale, hulle doen dieselfde ding met my hieroor, so, maar staan vir die waarheid. God moet dit laat voortgaan.

257 As ek jou nie ken nie en die Here my sal sê waarvoor jy daar is, iets wat jy gedoen het, iets wat jy behoort te doen, of iets, een of ander sonde wat in jou lewe is, of—of een of ander seëning wat daarin is, *een of ander iets* wat jy weet of dit waarheid is of nie, sal jy weet of dit reg is of nie. Sal jy dan met jou hele hart glo, dat dit sou wees . . . ? Dit moet een of ander soort geestelike krag wees, want ons ken nie mekaar nie. Sou julle glo dat dit die Messias was—was, nie ek nie, maar Sy Gees is wat deur my spreek soos Hy belowe het?

Sou die hele kerk dit eendragtig glo? Steek julle hand op. Dankie. Nou, glo julle.

258 Die vrou staan omtrent tien, twaalf voet van my af. Ek kyk net na haar om met haar te praat, want nadat ek gepreek het, sovoorts, soos die profeet daaronder gedoen het, en ek is nie 'n profeet nie, maar soos die profeet daaronder gedoen het, hy—hy daardie Joram en hulle uitgeskel het, so hy moes net speel en—en praat. En Jesus het met die vrou gepraat, maar eers moes Hy kontak maak met haar gees totdat Hy gesalf is.

259 Dis waarvoor ek nou wag, vir die, om die stomp van *William Branham* uit die pad te kry, my intellektuele, my gees, my

kenni-. . .*wete*, wat ook al, en ek kry dit alles uit die pad uit, sodat Hy my oë kan gebruik, my lippe om Homself voor Sy mense te verheerlik, net om—net om te onderwerp.

260 Soos hierdie *hier*, daardie ding kan glad nie praat nie, dis stom. Moet iets lewendig hier wees, wat daarin praat om dit te laat praat, dit kan nie self praat nie. Ek kon jou ook niks van jouself vertel nie, dit neem Iets wat Ewige Lewe het, Iets wat jou ken om daaroor te praat, dis reg. Glo julle dit.

261 Een ding is jou probleem, is, as die mense nog steeds my stem kan hoor, ek kan die vrou sien, sy is heeltemal senuweeagtig en ontsteld, sy ly aan 'n senuweetoestand. Nou, dit is reg, net presies reg.

262 Ek weet nie hoekom nie, maar elke keer wat ek net een ding sê, soos ek altyd gesê het, die mense sê altyd (ek voel dit.), "Raai." Ek raai dit nie. Julle weet ek het geen manier gehad om dit te raai nie.

Nou, was dit die waarheid? As dit die waarheid was, wat gesê is. . .

263 Nou, hoeveel glo? Dankie! Nou, as jy. . .Soos Filippus, toe Hy vir hom gesê het waar hy was, iets omtrent hom, hy het gesê: "Rabbi, U is die Seun van God, die Koning van Israel."

Gesê: "Omdat jy dit glo, sal jy groter sien." Is dit reg? Dis dieselfde belofte.

264 Staan waar jy is, ek weet nie wat ek vir jou gesê het verkeerd was nie, maar wat dit ook al was, dit was die regte siekte wat jy gehad het. Wat. . .? Ja, ek sien dit nou, ja. Senuweeagtig, was vir 'n hele ruk so, het begin met hierdie menopouse tyd. Behalwe dit, het jy 'n vroulike probleem, dis, waarmee jy gepla is. Dit is waar.

265 Dan nog 'n ding, jy het iemand op jou hart waarvoor jy bid, dis reg, nie hier nie, probleme met die oë, moeder. Dis reg. Nou, glo jy? Stuur vir haar daardie sakdoek wat jy. . .terwyl Heilige Gees op jou is, sal alles reg wees. Gaan huis toe. God seën jou. God seën jou, Suster.

Nou, glo julle met julle hele hart? Julle moet geloof hê, net God vertrou. Nou, is julle oortuig dat Jesus Christus. . .?

266 Nou, moenie, moet asseblief nie rondbeweeg nie. Ek weet dit word laat. Julle besef nie! Sien? Wat het die Engel van die Here gesê? "As jy die mense kry om jou te glo." En dan wanneer julle, ek sê: "Sit stil," en julle doen dit nie, wat doen dit? Dit gooi dit reguit terug in my gesig, Satan sê: "Sien, hulle glo jou nie." Party van julle doen dit en sommige nie, maar julle maak die ander seer. Jesus het almal van hulle uit die huis uitgesit eenkeer.

267 Sien, ek probeer beide 'n evangelis en 'n siener wees, en jy kan dit nie doen nie. Ek sal óf na die woude toe gaan en 'n siener wees en ingestap kom met my boodskap en weer uitgaan, óf dit

opsy sit, en God neem dit weg van my, en my die Evangelie laat preek, en ’n evangelis wees.

268 Aangename kennis, Suster? Ek ken jou nie. Ons is vreemdelinge vir mekaar. Is dit reg? Ons is vreemdelinge vir mekaar. Sodat die mense sal weet dat ons ’n vreemdeling is, sal jy net jou hand opsteek, dat ons ’n vreemdeling is. As die Heilige Gees aan my sal openbaar waarvoor jy daar staan, sal jy glo dat ek Sy profeet is? O.

269 Die vrou het skynbaar ’n goeie gees, ’n gelowige gees. Ja, meneer. Hier kom dit. Sy ly aan ’n hartprobleem, sy het ’n harttoestand. Um-hum. Jy het ook artritis. Um-hum. Jy het ’n senuweetoestand. Jy het iemand op jou hart waarvoor jy bid. As God vir my sal sê wie daardie iemand is, of iets van hulle, sal jy glo dat ek Sy profeet is? Dis jou kind, ’n dogter, en sy’s nie hier nie, sy woon ver van hier af, sy’s in Kalifornië, en sy ly aan ’n senuwee-ineenstorting, SO SPREEK DIE HERE.

Nou, glo jy met jou hele hart? Gaan dan en ontvang. Net soos jy gevra het en geglo het, so sal dit vir jou wees. Goed.

270 Kom, meneer. Ek ken jou nie. Eenkeer ons Here. . .Ek glo die laaste twee of drie wat verbygegaan het, was—was vroue, en hierdie is ’n man. Ek het gesê wat Jesus gedoen het aan ’n—’n vrou, toe Hy ’n vrou ontmoet het, laat my nou iewers in die Skrif kom waar Hy ’n man ontmoet het, sodat vroue en mans kan sien dat daar geen verskil in Hom is nie.

271 Toe Hy Petrus ontmoet het, Hy het Simon Petrus ontmoet, sy naam was toe Simon, Hy het hom vertel wie hy was, hom van homself vertel. Nou, glo jy dat God my van jou kan vertel, en van jouself, ensovoorts soos daardie? Sou dit jou laat glo?

272 Net ’n oomblik, iets wat gebeur. Daardie dame wat net daarbuite sit, aan daardie linkerkant, met ’n breuk in die naeltjie, glo jy dat God jou sal gesond maak, Suster? As jy dit glo met jou hele hart, mag jy kry waarvoor jy vra.

273 Daar’s twee mans wat hier bly staan. Iemand raak die Hoëpriester aan. Met jou vinger op jou neus daar, net hierbo sit, man, het watersug, velkanker. Jesus het jou genees, Broer, jou geloof maak jou gesond.

Wat het hy aangeraak? Is ouer as hierdie man hier, ek kon sien daar was ’n verskil in hulle.

274 Nou, as God vir my sal sê wat jou probleem is, sal jy glo dat ek Sy dienskneg is? Een ding, jy het probleme in jou sy, dis ’n soort van ’n breuk, breuk in die sy. Dis reg. Nog ’n ding, jy het ’n—’n senuweetoestand wat jou ’n—’n maagprobleem gee. Dis reg. Nou, glo julle, al julle manne? Dit was blykbaar ’n goeie man.

Kom ons neem ’n bietjie tyd met hierdie man. Wees asseblief eerbiedig en stil.

275 Het iets op sy hart, jy wil hê God moet iets anders sê, dis reg, want ek kan daardie verlange sien. O, wel, dis ’n—dis ’n vrou, ’n vrou. Sy het ’n operasie gehad, het ’n swelling daarvan gekry. Dis reg.

276 Het ook ’n dogter. Daardie dogter het eenmaal gely aan TB, sy is genees deur Goddelike genesing. Nou, het sy ’n senuweeagtige maag. Dit is waar. Hulle is hier vanaand, ek voel hulle daar in die diens. Hulle gaan gesond wees.

277 Glo jy dat God vir my kan sê wie jy is? Sal dit jou help? As Hy vir Simon Petrus kon sê wie hy was! Jy’s van Arkansas, jou naam is Mnr. Blackwell. Gaan huis toe, Jesus Christus het jou genees. Jou begeertes is vervul, Broer.

278 Aangename kennis, dame? Jy is ’n Ethiopiër, ek’s Anglo Saksies, dis twee verskillende rasse mense. Eerste keer ontmoet in die lewe, veronderstel ek. As die Heilige Gees aan my sal openbaar wat jou probleem is, sal julle glo dat ek Sy. . . die Heilige Ge-. . . die profeet van die Heilige Gees is? Jy sal. Hê net geloof, moenie twyfel nie, glo.

279 Jy het ’n groot begeerte in jou hart. Jy soek regtig na die doop van die Heilige Gees. Dis reg. Dis ’n groot ding om na te soek. As God die naam van ’n man ken, ken Hy die naam van ’n vrou, ook. Glo jy dit nie? As ek jou sou sê wie jy is deur die Heilige Gees, sou jy dan glo jy gaan die Heilige Gees ontvang en God vir jou sal gee jou. . . Mev. Fitzpatrick, gaan jy huis toe, Jesus Christus gaan jou die doop gee.

280 Die Bybel het gesê, in die laaste dae, het Jesus gesê dat die—die Gees sou kom in die laaste dae om dit te doen, sou dieselfde Gees wees wat op daardie menslike vlees was wat met Sy rug na die tent gestaan het in Abraham se dag. Was dit reg?

281 Hier’s die volgende persoon wat agter my staan, dis ’n vrou. Kan jy my hoor, dame, jy agter my? Goed. Knik sy haar kop? Jy, ek sal na jou kyk. As die Here aan my sal openbaar wat jou probleem is, na hierdie kant toe kyk, dan weet jy dis dieselfde Engel van God, dieselfde krag wat Jesus gesê het hier sou wees in die laaste dae. Sal almal van julle dit glo?

Jy het vroueprobleme, damesprobleme, damesprobleme, vroueprobleme. Gaan huis toe, Jesus Christus maak jou gesond. Glo met jou hele hart.

282 Wat as ek vir jou gesê het Hy het jou genees, wat daar in ’n stoel sit, met daardie hartprobleem, sou jy glo? Begin dan net verbygaan soos *hierdie*, sê: “Dank U, Here.” Glo met jou hele hart.

283 Nou, jy’s gereed vir ’n operasie vir daardie gewas, maar glo jy dat God jou gaan gesond maak? Goed, gaan net verby en sê: “Dank U, Here Jesus.”

284 Nou, sal jy nie graag jou aandete wil gaan eet vanaand, daardie ou maagprobleem weg wees nie? Jy sou? Gaan voort en eet, as jy glo met jou hele hart.

Wil jy graag saam met my Gólgota toe gaan vir ’n bloedoortapping, ontslae raak van die diabetes? Gaan doen dit.

Daardie dame wat net daaragter sit met diabetes, kan dieselfde ding doen, as jy dit net glo, Suster. Gaan, glo met jou hele hart.

Toe ek gesê het maagprobleme ’n rukkie gelede, was dit joune, ook, so gaan jy net voort, eet jou aandete, word gesond gemaak.

285 Goed. Groot, sterk vrou soos daardie, ly tog aan senuwees, dis die moeilikste ding in die wêreld. Jy’s nou vry, Jesus Christus maak jou gesond. Gaan, glo met jou hele hart.

286 Dametjie, glo jy daardie asmatiese toestand gaan weggaan, en jy gaan reg wees, en huis toe gaan, gesond wees? Hou net aan loop, sê: “Dank U, Here.”

Hoeveel glo met julle hele hart? Elkeen van julle, glo Hom met julle hele hart.

Wat van jou? Glo jy met jou hele hart, jy’s. . .? Hou net aan loop. Hou net aan om God te prys. Glo Hom met jou hele hart.

287 Wat van jou? Glo jy met jou hele hart, Christus gaan jou gesond maak? Hou net aan loop, sê: “Dank U, Here,” glo dit met jou hele hart.

288 Glo jy dat jy ook reg is? Jy gaan nie sterf aan enige hartaanval nie, gaan net voort, glo dit. As jy net met jou hele hart glo, sal jy reg wees. God seën julle. Jy wou hê ek moet jou dit vertel, so dis nou alles verby, gaan glo met jou hele hart.

289 Hoeveel glo met julle hele hart? Hoeveel het al die ongeloof nou uitgegrawe, en al die kerklike stukke uitgegooi, en julle is gereed om Christus te ontvang? Lê julle hande oorkant op mekaar. Hierdie is die uur van jou besluit. Sit stil, almal.

[’n Suster praat in tale, ’n broer gee uitleg—Red.]

290 Amen. Sien wat ek julle gesê het? Hierdie bediening is ’n tipe van die Elía wat opgeneem is, en die Elisa het ’n dubbele porsie gehad, ’n dubbele porsie. Jesus Self, Wat die Gees teruggestuur het, het gesê: “Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg.” Sien?

291 Ek twyfel of daardie man en vrou mekaar ken of nie, dis baie onwaarskynlik. Die vrou wat in tale gepraat het, ken jy die man wat dit uitlê? As jy nie, steek jou hand op, as jy nie die man ken nie.

Die een wat uitleg gegee het, as jy nie die vrou ken nie, steek jou hand op, ver agter aan die agterkant.

292 Nee, meneer, nie een van hulle ken mekaar nie, en hier was hulle, het net presies reg saam met die boodskap gepraat, en dit reguit uitgebring as ’n bevestiging. Waar Jesus hier is, die verborgenhede van die hart ken, afspreek in ’n ander gawe soos daardie, ’n plaaslike gawe deur ’n profetiese gawe, deur ’n plaaslike gawe, deur Sy Woord, Hier is Hy. Wel, goeiste, o, goeiste! Glorie!

293 Lê hande op mekaar, dis al wat julle hoef te doen. Raak aan as jy gesalf is, en die Heilige Gees sal dit vir jou gee.

294 O God, in die Naam van Jesus Christus, versadig hierdie gebou met U Gees. Gooi elke stukkie uit, gooi elke ou stomp uit en mag die God van die Hemel vul met die Heilige Gees en hierdie kerk aan die brand steek. Kom in die Gees van hierdie diens en word elkeen van julle genees, in die Naam van Jesus Christus.

295 Halleluja! Glo julle dit? Is julle in die Gees om dit te ontvang? Daar is dit. Kry alles uit die pad uit. As jy dit glo met jou hele hart, staan op jou voete en aanvaar dit, in die Naam van Jesus. Daar het julle dit. Steek julle hande op. Glorie! Glorie! Amen. Prys God!

61-0428 Om In Die Gees Te Kom
Stephen Mather Hoërskool
Chicago, Illinois V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org